UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE ROL VAN DIE MIDDELBURGSE EN DIE LYDENBURGSE VRYWILLIGERKORPSE IN DIE OORLOG TEEN SEKUKUNI

deur

P.H. BISSCHOFF.

---

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad van Magister in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte, Universiteit van Pretoria.

---

PRETORIA.

Januarie 1954.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUD.

Inleiding ... ... ... ... ... ...Bl. 1.

HOOFSTUK I: Die Ontstaan van die Korpse ..Bl. 6.

a. Die Middelburgse Vrywilligerkorps.
b. Die Lydenburgse Vrywilligerkorps.
c. Die Goedkeuring deur die Volksraad.

HOOFSTUK II: Die Middelburgse Vrywilligerkorps en die Oorlog teen Sekukuni...Bl. 32.

HOOFSTUK III: Die Lydenburgse Vrywilligerkorps en en die Oorlog teen Sekukuni...Bl. 50.

HOOFSTUK IV: ... ... ... ... ... Bl. 69.

a. Die Vredesluiting.
b. Die Korpse na die Vredesluiting.

BIBLIOGRAFIE ... ... ... ... ... B. 80.

----------

## DANKBETUIGING.

Graag wil ek hier van die geleentheid gebruik maak om Dr. F. du Toit Spies, onder wie se leiding hierdie Verhandeling geskryf is, baie te bedank vir sy hulp en aanmoediging. Ock my dank aan Mnr. S.M. Strydom wat so goedgunstiglik hierdie werk deurgelees het met die oog op taalverbeteringe. Verder ook my dank aan al die ander persone wat my behulpsaam was.

--------

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## INLEIDING.

Gedurende die tweede helfte van die sewentiger jare het daar 'n toenemende onrus onder die naturelle-stamme in en om die Suid-Afrikaanse Republiek ontstaan. Langsamerhand het die naturelle daarin geslaag om vuurwapens in die hande te kry en hierdie feit was hoofsaaklik verantwoordelik vir die onrus.(1)

Die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek was nie verantwoordelik vir hierdie verkryging van wapens deur die naturelle nie. Die naturelle kon byna onbeperkte hoeveelhede wapens en ammunisie buite die grense van die Republiek kry.(2) Veral na die oopstelling van die diamantvelde te Kimberley in Grikwaland-Wes het die verkryging van vuurwapens deur die naturelle geweldig toegeneem. Die Engelse outoriteite het toegestem dat die naturelle vir gewere instede van geld kon werk. In 4½ jaar is ongeveer 400,000 gewere aan die naturelle op die diamantvelde verkoop.(3)

Hierdie verkryging van vuurwapens deur die naturelle het hulle sterker laat voel teenoor die blankes. So-iets is ook heeltemal verstaanbaar. Alleen deur self vuurwapens te besit, sou die naturelle opgewasse kon wees teenoor die blankes.

Sekukuni en sy onderdane was ook goed voorsien van gewere en ammunisie en het al meer 'n vyandige houding teenoor die Suid-Afrikaanse Republiek begin inneem.(4)

... Die

(1) S.P. Engelbrecht, „Thomas Francois Burgers", p. 192.
(2) T.S. van Rooyen, „Die Verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die Geskiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882", Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Deel I, p. 202.
(3) Ibid, p. 203.
(4) S.P. Engelbrecht, p. 197.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die bevolking van Sekukuniland het baie vinnig toegeneem en daar het 'n groot behoefte aan gebiedsuitbreiding ontstaan. Sekukuni wou die boere langs die Steelpoortrivier dwing om hulle plase te ontruim en om dit te bewerkstellig het die onderdane van Sekukuni begin deur die blankes se gebied binne te gaan en rooftogte uit te voer.(5)

Teen Maart 1876 was die toestand al so ernstig dat die blankes verplig was, om vir beskerming, in laers te woon. Die leidende figuur in hierdie veediefstalle was Johannes Dinkoannane, 'n broer van Sekukuni. Hy en sy volgelinge het binne die grense van die Republiek gewoon op grond aan hom toegewys deur die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek. Geen dreigemente het enige uitwerking op Johannes gehad nie veral omdat Sekukuni hom aktief ondersteun het.(6)

Die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek kon die toestand nou nie meer langer ignoreer nie en hulle was verplig om op te tree. Die Volksraad verklaar dan ook oorlog teen Sekukuni op 16 Mei 1876. Dit was wel Sekukuni en sy onderdane wat die toestand van oorlog laat ontstaan het, maar die oorlogsverklaring self, het van die kant van die Republiek gekom.

Vir hierdie oorlog was die Suid-Afrikaanse Republiek baie swak voorberei. Nogtans word daar nou 'n ernstige poging aangewend om Sekukuni vir goed 'n les te leer. Krygswet is afgekondig en in elke distik het daar kommandering plaasgevind. Ook is goedgesinde naturellekapteins aangesê om 'n vasgestelde aantal krygsmanne en bediendes

... te

(5) T.S. van Rooyen, p. 197.
(6) C.J. Uys, „In the Era of Shepstone", p. 198.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te lewer.(7)

Onder die geledere van die burgers was daar vanaf die begin baie verskonings waarom daar nie gehoor gegee kon word aan die kommanderingsbevel nie. Nogtans is daarin geslaag om 'n kommando van ongeveer 2000 man op die been te bring. Baie van hierdie burgers was egter maar onwillig om aan die oorlog deel te neem en 'n aansienlike persentasie was nie eers bewapen nie.(8)

Die oorlog is dus begin met 'n aansienlike persentasie onwillige burgers. Namate die moeilikhede, gevare en ontberings van die oorlog sou toeneem is dit te verwagte dat hierdie onwilligheid sou aangroei en sy nadelige uitwerking op die hele kommando hê.

Omstandighede waarop ons nie hier verder hoef in te gaan nie, bring dit nou mee dat President Burgers self as opperbevelhebber optree met oud-President Pretorius as Kommandant-Generaal en N.J. Smit as Luitenant-Generaal.

Vir die aanval(9) teen Sekukuniland is die leër in twee verdeel. Kommandant-Generaal Pretorius moes met ongeveer 600 man vanaf Middelburg na Lydenburg gaan om daar te help in die aanval teen Johannes. Daarna moes hy Sekukuniland binneval. Hierdie afdeling van die leër was bekend as die Oostelike leër.

Die ander afdeling, die Westelike leër, sou onder bevel van Luitenant-generaal Smit staan, en was ongeveer 'n duisend man sterk. Hy moes Sekukuniland langs die Olifantsrivier binnedring. President Burgers en 'n paar

... honderd ..

---

(7) T.S. van Rooyen, p. 248-249.
(8) Ibid, p. 251-252.
(9) Vir hierdie opsomming van die oorlog teen Sekukuni is die werk van veral T.S. van Rooyen en ook die werk van S.P. Engelbrecht gebruik.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



honderd man sou later by hierdie Westelike leër aansluit.

Kommandant-Generaal Pretorius het sy bevel verontagsaam en gladnie na Lydenburg gegaan nie maar direk na die Steelpoortrivier. Hier het hy die vyand raakgeloop en hulle voor hom laat terugval en aansienlike verliese toegedien. Luitenant-generaal Smit was ook redelik suksesvol in sy veldtog maar slaag nie daarin om Mathebi se kop te verower nie. Nou daag President Burgers en die ander groep manskappe op. 'n Grootskaalse aanval word nou geloods en met sukses bekroon.

Intussen het die Lydenburgers onder Kommandant Coetzee, saam met 'n afdeling Swasies, vir Johannes aangeval. In die finale stormloop het Kommandant Coetzee versuim om sy burgers tot die aanval te laat oorgaan en die Swasies sodoende in die steek gelaat. Hierdie lafhartige optrede van die Lydenburgers het die Swasies woedend gemaak en hulle is terug na hulle tuiste.

Die tweeafdelings van die leër het nou saamgekom vir die hoofaanslag teen Sekukuni self. Op 2 Augustus 1876 word Sekukuni se vesting-stat, in die Luluberge, aangeval, maar dit misluk. Hierna was meeste van die burgers gladnie meer gewillig om verdere aanvalle te waag nie. Daar was niks anders te doen as om terug te trek nie.

Die oorlog is egter nie hiermee gewonne gegee nie. Die Opperbevelhebber het dadelik reëlings getref om tog die stryd verder voort te sit. Die gevolg van hierdie reëlings wat nou plaasvind, was dat twee Vrywilligerkorpse ontstaan het. Hierdie Korpse, die Middelburgse- en Lydenburgse Vrywilligerkorps, sou die stryd verder voortsit. Hulle sou vanuit forte probeer om die vyand in toom te hou en ook probeer om sy voedselvoorrade te vernietig.

... Op..

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Op hierdie wyse is gehoop om Sekukuni se onderdane uit te honger en sodoende tot oorgawe te dwing.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK I.

## Die Ontstaan van die Korpse.

### (a) Die Middelburgse Vrywilligerkorps.

Die aanval van die gesamentlike boeremagte op Sekukuni se vesting-stat wat op 2 Augustus 1876 plaasgevind het, was 'n mislukking. Nogtans was die oorwinning van Sekukuni en sy onderdane van 'n twyfelagtige aard. Hulle was self maar baie gedesorganiseerd en 'n groot gedeelte van Sekukuni se grondgebied was in die hande van die boeremagte. Sekukuni was nie by magte om op hierdie stadium 'n georganiseerde aanval op die Transvaalse gebied te doen nie.(1)

Om verskillende redes was die Boere egter ook nie by magte om die oorlog verder voort te sit nie. Daar was 'n algehele gees van onwilligheid by die burgers om verder met die stryd voort te gaan. Reeds voor die aanval het daar 'n gees van demoralisasie en weerspannigheid onder die burgers geheers. Dit het gekom na die berig van die mislukking van die aanval op Johannes en sy onderdane. Hierdie mislukking het die terugtog van die Swasie-bondgenote veroorsaak en die burgers het nou bedreig gevoel deur Johannes se onderdane. Aan die een kant was die onoorwonne Sekukuni en aan die anderkant die vyandige en onoorwonne Johannes.(2)

Om nou met sulke onwillige manskappe verder te probeer veg sou nie meer prakties moontlik wees nie.

.. President ..

---

(1) T.S. van Rooyen, „Die Verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die Geskiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882", Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Deel I, p. 264.
(2) S.P. Engelbrecht, „Thomas Francois Burgers", p. 204-205.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



President Burgers self was heeltemal bewus daarvan.(3)

Hierdie gees van onwilligheid blyk baie duidelik in 'n memorie geteken deur 'n groot aantal burgers, wat by die Krygsraad ingedien word. O.a. lui dit: „...dat wij geheel en al onwillig zijn om Secoecoeni's berg te bestormen om rede dat wij geen kanz zien om ons levens te wagen en dat wij de kaffer zullen overweldigen".(4) Hier dan is 'n direkte erkenning van die burgers self oor hulle onwilligheid om verder te veg. Dit blyk ook dat die meeste burgers hulle vereenselwig het met hierdie skrywe.(5)

Uit die voorgaande kan dus gesien word dat dit baie dwaas sou wees om enige verdere aanvalle op Sekukuni te probeer doen. Dit sou, deur die algehele gees van onwilligheid, tot 'n mislukking gedoem wees. Die Krygsraad was nou voor die keuse gestel om of die stryd maar eenvoudig gewonne te gee of om wel verder te veg, maar op 'n heel ander wyse. Daar was nooit enige sprake by die Krygsraad om die stryd gewonne te gee nie. Byna dadelik het hulle begin om planne te beraam om wel die oorlog te kon voortsit. In die ontwerp van die plan vir die voortsetting van die oorlog was die President en die Krygsraad tot 'n groot mate gebonde aan 'n plan afkomstig uit die burgers self. In die reedsvermelde memorie aan die Krygsraad het die burgers wel onwilligheid getoon om verder te veg, maar hulle het ook die volgende aan die hand gegee: „...wij stellen een plan voor om het

... gezaaide ...

---

(3) R3876/76, no. 194, Verslag van die Staatspresident oor die Oorlog teen Sekukuni, Pretoria, 2 September 1876. Opgeneem as Byvoegsel tot die „Staats Courant", 8 November 1876.
(4) „Staats Courant", 22 November 1876, Byvoegsel. Hierdie memorie is gedateer 3 Augustus 1876, dus slegs die dag na die mislukte aanval, en onderteken deur 139 burgers.
(5) T.S. van Rooyen, p. 263.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


gezaaide van de kaffer de volgende jaren te vernielen om hem uit te hongeren en belooven gehoorzaamheid om de grenzen met wachten te beschermen".(6) Omdat die meeste burgers eens was met hierdie voorgestelde plan het die Krygsraad geen keuse gehad anders as om dit aan te neem nie.

Dit gebeur dan ook op 5 Augustus 1876, drie dae na die mislukte aanval op Sekukuni se stat, toe die Krygsraad byeenkom om die nodige reëlings vir die voortsetting van die oorlog te tref.(7) Hierdie Krygsraad was, met die uitsondering van Luitenant-generaal N.J. Smit wat siek was, deur al die offisiere bygewoon, met President Burgers as Opperbevelhebber en M.W. Pretorius as Kommandant-Generaal. Die uitgewerkte plan van hoe die oorlog verder voortgesit sou word, word deur President Burgers self voorgestel en deur Kommandant-Generaal Pretorius gesekondeer. Dit kom op die volgende neer: Daar sal van vrywilligers gebruik gemaak word. Onder omstandighede was dit natuurlik beter om liewers vrywilligers te gebruik as om onwillige manskappe te dwing om voort te gaan met die oorlog. Om hierdie vrywilligers te lok, besluit die Krygsraad nou om die „Gouvernementsgronden" ten Weste van die Luluberge uit te gee as plase van 2000 morge elk aan diegene wat hulle dienste vrywilliglik sou aanbied vir die voortsetting van die oorlog. Hierdie vrywilligers sou dan van hulle kant moes onderneem om 'n fort ten weste van die Luluberge te beset vir die duur van die oorlog. Ook moes hulle onderneem om alles in

... hulle..

---

(6) „Staats Courant", 22 November 1876, Byvoegsel.
(7) Waar hierdie sitting plaasgevind het is nie seker nie. In 'n skrywe vanaf Sir Henry Barkly aan Lord Carnarvon, op 31 Augustus 1876, beweer hy dat dit te Matle, vyftig myl vanaf Sekukuni se stat was - C1748, „Correspondence respecting the war between the Transvaal Republic and neighbouring native tribes", p. 113, no. 80.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hulle vermoë te doen om te verhoed dat Sekukuni se onderdane oes of saai - dus uithongering. Die regering sou onderneem om die Vrywilligers van vleis en meel te voorsien vir die eerste ses maande en van krygsammunisie vir die duur van die oorlog. Dan sou die regering ook nog onderneem om nog 'n fort te laat oprig en die te beman. Dit word nie hier gesê of die manskappe waarmee hierdie fort beman sou word, ook vrywilligers sou wees nie maar omdat daar besluit is om van vrywilligers gebruik te maak, lyk dit asof dit wel die geval sou wees. Ook sou die vrywilligers toegelaat word om buit wat hulle van die vyand afneem, te behou indien dit nie aan onderdane van die Republiek behoort nie.(8)

Hier, in breë trekke, was nou 'n plan waarmee die oorlog wel voortgesit kon word. Deur 'n aantal vrywilligers te werf en hulle dan in forte te stasioneer met die hoofdoel om die vyandelike naturelle se gesaaides en ander voedselvoorrade te vernietig, sou die vyand sodoende deur hongersnood gedwing kon word om vrede te vra. Hierna het die Krygsraad die plan in besonderhede uitgewerk.

Eers word bepaal dat die leër in twee verdeel moes word. Die een afdeling sou na die westelike kant van die Luluberge gaan om aldaar die twee forte op te rig en te beman.(9) Hierdie afdeling van die boeremag, onder die bevel van Luitenant-generaal N.J. Smit, sou bestaan uit die burgers van Pretoria, Rustenburg, Marico en Potchefstroom. Die „laas aangekome" manskappe van

... Potchefstroom..

---

(8) R3876/76, No. 1, Notule van die Krygsraad, 5 Augustus 1876.
(9) Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Potchefstroom sou egter nie saamgaan nie.(10) Saam met hierdie groep sou ook Kaptein Dahl en 400naturelle van Zebediela gaan. Hierdie afdeling van die leër sou bestaan uit 1200 blankes en 500 naturelle.(11)

Die ander leërafdeling sou in die rigting van Lydenburg gestuur word.(12) Hulle het, volgens latere gegewens, bestaan uit manskappe van Middelburg, Heidelberg, die afdeling van Pretoria wat onder Veldkornet Roos gestaan het en die „Schutzenkorps". President Burgers was in bevel van hierdie afdeling en Kommandant-Generaal Pretorius het hulle vergesel.(13) Hulle was omtrent 900 man sterk.(14) Instruksies van wat hierdie afdeling moes gaan doen, soos wel aan Luitenant-generaal Smit verstrek is, word nie gegee nie; moontlik omdat die President self in bevel was en reëlings na eie bevindings

... kon..

---

(10) „Staats Courant", 15 November 1876, Byvoegsel. Hierdie is 'n brief vanaf President Burgers aan Luitenant-generaal Smit en bevat bevele wat hy en sy afdeling van die leër moes gaan doen. Die brief is gedateer 6 Augustus 1876.
(11) Ibid. Behalwe die 400 onderdane van Zebediela was daar ook nog 100 ander naturelle hier teenwoordig. Hierdie naturelle was heelmoontlik opgekommandeerde naturelle aangesien dit die gebruik was soos gesien kan word in die Uitvoerende Raadsbesluit van 16 Mei 1876, Artikel 96.
(12) R3876/76, No. 1, Notule van die Krygsraad, 5 Augustus 1876.
(13) R3876/76, No. 194, Verslag van die Staatspresident oor die Oorlog teen Sekukuni, Pretoria, 2 September 1876. Hier word nie melding gemaak van die „laas aangekome" manskappe van Potchefstroom, wat volgens die bevele aan Luitenant-generaal Smit - sien hierbo - ook nie met die eerste afdeling sou saamgaan nie. Wat van hulle geword het blyk dus nie uit die dokumente nie.
Dit is moeilik om te bepaal waar die „Schutzenkorps" vandaan kom. In 1871 is die „Rustenburgse Schutzenkorps" deur Kaptein Schröder gestig - „Historiese Opstelle", G.S. Preller, p. 147. Ook was daar 'n „Schutzenkorps" te Utrecht, gestig in 1874 onder die leiding van ene Dicks en van Rooyen - Ibid. Die Korps hierbo vermeld het egter gestaan onder die bevel van Kaptein Dennison - R3876/76, No. 1.
(14) „De Volkstem", 26 Augustus 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kon tref.

Bevele van wat Luitenant-generaal Smit en sy afdeling presies ten weste van die Luluberge moes gaan doen is vervat in die reedsvermelde skrywe van die Staatspresident aan hom. Hy word naamlik gelas om met die manskappe aan hom toegewys, na die westekant van die Luluberge te gaan en aldaar twee forte te gaan oprig. Die een fort moes wees ten weste van die Luluberge en aan die spruit wat Noordwaarts langs die berg loop, ongeveer reg ten weste van Sekukuni se stat. Die ander fort moes in die omgewing van Magneethoogte wees. Dan moes hy elke fort met 150 manskappe beman en in elkeen 'n kanon en die nodige ammunisie laat. Ook het die President hier bevele ingesluit aan die Veldkornette van Marabastad en Waterberg om die forte van provisie te voorsien.(15)

Met die werwing van Vrywilligers is onmiddellik 'n begin gemaak. Alreeds op 5 Augustus 1876 is die vereistes waarvolgens vrywilligers aangeneem sou word in 'n dokument vasgestel en dieselfde dag deur 71 persone onderteken.(16) Hier dan vind ons die eerste vrywilligers in die voortsetting van die oorlog teen Sekukuni.

Ten laaste het die Krygsraad bepaal hoe hierdie Vrywilligers gebruik sou word. Die President het dit as 'n wens uitgespreek dat die Vrywilligers eers 'n maand verlof moes kry om na hulle huise te gaan. Terwyl

... hulle..

---

(15) „Staats Courant", 15 November 1876, Byvoegsel.
(16) R2549/76. Dit is 'n dokument waarin voorkom die voorwaardes waarop die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek aan die burgers gronde sal uitgee. Hierdie grond was geleë ten weste van die Luluberge en het aan die regering behoort. Die dokument is gedateer 5 Augustus 1876. Op die 17de, 19de en 25ste is daar nog vyf naamtekeninge bygevoeg.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hulle dan met verlof was, moes die forte deur die burgers self beman word.(17) Soos later gesien sal word, is dit dan ook wat gebeur het. Aan die begin was daar dus nie Vrywilligers gebruik nie, maar wel burgers wat die plek van die Vrywilligers moes inneem tot tyd en wyl die Vrywilligers vanaf verlof sou terugkeer.

Al die reëlings was nou voltooi en daar kon voortgegaan word met die uitvoering daarvan. Die leër word nou in twee verdeel en ons volg nou eers die optrede van die afdeling onder Luitenant-generaal Smit wat na die weste van die Luluberge moes gaan.

Wanneer hierdie afdeling van die leër presies vertrek het, is nie seker nie. Teen 12 Augustus was hulle egter aan die Olifantsrivier ten weste van die Luluberge. Hier vind dan ook nou 'n Krygsraadsitting plaas onder voorsitterskap van Luitenant-generaal Smit en word daar nou afgewyk van die bevele. Daar word naamlik besluit om nou nie meer twee forte te gaan oprig nie, maar slegs een. Die besluit is algemeen aangeneem met die uitsondering van Luitenant-generaal Smit en Kommandant Lewis (hy was die Kommandant van Pretoria) wat daarteen gestem het. Daar word ook verder besluit om die enkele fort nie op een van die bepaalde plekke op te rig nie maar wel op 'n plek genaamd „Koorn Kopjes". Hierdie laaste besluit is voorgestel deur Veldkornet Minnaar en deur Luitenant-Generaal Smit gesekondeer en die besluit was algemeen. Die redes vir hierdie twee besluite word aangegee as die onwilligheid van die manskappe en dat die twee aangewese plekke te ongesond was en dat die manskappe nie

... daar..

---

(17) „Staats Courant", 15 November 1876, Byvoegsel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



daar wou bly nie.[18] Hoekom die manskappe onwillig sou wees om twee forte te bou is nie duidelik nie. Die moontlikste verklaring is dat die twee forte soveel langer sou neem om te voltooi en dat hulle haastig was om te vertrek. Die rede dat die bepaalde plekke te ongesond was is natuurlik verstaanbaar.

Die saak was hiermee egter nog nie opgelos nie. Die volgende dag, 13 Augustus 1876, word nou skielik besluit om die enkele fort nie meer te „Koorn Kopjes" te bou nie maar om twee patrollies uit te stuur om 'n geskikte plek daarvoor te vind. Die een patrollie sou langs die Olifantsrivier gaan soek en die ander in die omgewing van Magali se kraal (hy was 'n naturellehoof ten weste van die Luluberge). Luitenant-generaal Smit het self hierdie plan vorgestel en Kommandant Nel (die Kommandant van Rustenburg) het dit gesekondeer.[19] Twee dae later het die patrollie wat langs die Olifantsrivier gesoek het, waarskynlik wel 'n geskikte plek gevind. Op 15 Augustus naamlik besluit die Krygsraad om aldaar met die bou van 'n fort te begin. Om toesig te hou oor die afbakening en oprigting word 'n boukommissie, bestaande uit Kaptein Schultz, Luitenant Johnstone, Veldkornette Fourie en Engelbrecht, A. Ritter, J. Nortjé en G. van Deventer aangestel.[20]

Met die bou van hierdie fort het dit verbasend vinnig gevorder. Die besluit om te begin bou, is geneem op 15 Augustus. Slegs drie dae later was die fort

... blykbaar..

(18) R3876/76, No. 1, Norule van die Krygsraad, 12 Augustus 1876. Wie hierdie eerste voorstel, om net een fort te bou, voorgestel het,. word nie aangedui nie.
(19) R3876/76, No. 1, Notule van die Krygsraad, 13 Augustus 1876.
(20) R3876/76, No. 1, Notule van die Krygsraad, 15 Augustus 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



blykbaar tot so 'n mate voltooi dat dit bewoonbaar was en voldoen het aan die vereistes. Op 18 Augustus het al die offisiere die fort geïnspekteer en dit by die boukommissie oorgeneem.(21)

Aangesien daar geen beskrywing of sketsplan van hierdie fort aan die Olifantsrivier gevind kan word nie, is dit moeilik om te kan sê hoe hierdie fort daar uitgesien het. Die feit dat dit in drie dae al feitlik voltooi was, dui daarop dat dit moontlik meer in die vorm van skanse was. Miskien was hierdie vinnige vordering ook moontlik gemaak deur die mildelike gebruik van naturelle-arbeid. Soos reeds aangetoon was daar 400 naturelle van Zebediela (asook nog 'n honderd ander) by die boeremagte alhier teenwoordig. Op 8 Augustus 1876 al is aan die 400 naturelle van Zebediela toestemming gegee om na hulle kraal terug te keer op die voorwaarde egter dat hulle 200 ander naturelle (vermoedelik ook onderdane van Zebediela) in hulle plek sou stuur om te kom help met die oprigting van die fort.(22) So 'n groot aantal arbeiders sou dus kon help om die fort baie gou te voltooi.

Die bemanning van die fort geskied nou op 19 Augustus 1876. Dit word op hierdie dag beset deur ongeveer 300 manskappe onder die bevel van Kommandant P.C. Minnaar met S.J. Mostert as die Krygskommissaris. Op dieselfde dag nog het Luitenant-generaal Smit en die ander manskappe in die rigting van Pretoria vertrek.(23) Hierdie man-

...skappe..

(21) R3876/76, No. 1, Notule van die Krygsraad, 18 Augustus 1876.
(22) R3876/76, No. 1, Notule van die Krygsraad, 8 Augustus 1876.
(23) R2352/76, Kommandant Minnaar aan President Burgers, 30 Augustus 1876. President Burgers het bepaal dat 150 man in elke fort moes agterbly. 'n Totaal van 300. Hiervan is dus nie afgewyk nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skappe wat hier agtergebly het, was ewerediglik verkies uit elke kommandantskap hier teenwoordig.[24] Dat daar heelwat moeilikheid was oor wie moes agterbly, blyk uit die feit dat ene Veldkornet Vosloo en 15 van sy manskappe aangesê was om in die fort agter te bly. Veldkornet Vosloo het egter geweier en is toe voor die Krygsraad gedaag waar hy 'n laaste kans gegee is om aan die bevel te voldoen. Hy het toe toegestem.[25]

Soos alreeds aangetoon, was hierdie 300 manskappe wat op hierdie stadium die fort beset het, nie die Vrywilligers nie. Hierdie burgers was eenvoudig aangesê om die fort te beman tot tyd en wyl die Vrywilligers hulle sou kom aflos. Intussen sou die Vrywilligers 'n maand verlof ontvang om eers na hulle huise te gaan alvorens hulle na die fort terugkeer. Vermoedelik het hierdie verloftydperk eers begin met die vertrek van die kommando na die besetting van die fort aangesien sekere persone, wat leter in die fort diens gedoen het, tot op hierdie stadium nog by die kommando onder Luitenant-generaal Smit teenwoordig was.[26]

Dit kom voor asof President Burgers se plan was om, sodra die Vrywilligers na die fort teruggekeer het, 'n totaal van 100 manskappe in die fort te hê. Daar was egter slegs 'n paar meer as sewentig Vrywilligers. Hy gee dus nou bevele aan die landdros van Middelburg om toe te sien dat daar altesaam 'n honderd manskappe na die fort gaan. Die getal van Vrywilligers moes aangevul

... word..

---

(24) R3876/76, No. 1, Notule van die Krygsraad, 17 Augustus 1876.
(25) R3876/76, No. 1, Notule van die Krygsraad, 18 Augustus 1876.
(26) 'n Vrywilliger soos G. van Deventer, asook Luitenant Johnstone (later die hoof van die artillerie in die fort) het nog albei op die boukommissie diens gedoen.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


word deur ander Middelburgers te kommandeer om sodoende die getal tot 100 te bring.(27) In sy verslag oor die oorlog teen Sekukuni verwys die President dan ook na die honderd Middelburgers wat die fort sou gaan beset.(28) Laasgenoemde dui daarop dat al die Vrywilligers Middelburgers moes gewees het.(29)

Op 10 Oktober 1876 het die Vrywilligers, na hulle verlof, te Middelburg byeen gekom en op dieselfde dag na die fort aan die Olifantsrivier vertrek. Daar was egter net 42 blankes en 51 naturelle. Dan was daar ook nog 7 artilleriste.(30) Van die bevel van President Burgers het dus nie veel gekom nie. Al die Vrywilligers het nie eers hulle verskyning gemaak nie. Die Vrywilligers was ook heelwat langer as die bepaalde maand weg gewees.

Luitenant Johnstone, van die Staatsartillerie, is ook deur President Burgers aangestel as hoof van die artillerie in die fort en aangesê om by die Vrywilligers aan te sluit.(31) Op 23 Oktober 1876 het hierdie Vrywilligers by die fort aan die Olifantsrivier aangekom.(32)

...Ons..

---

(27) L.M., Inkomende Stukke vanaf die Staatsekretaris, Januarie tot Desember 1876, President Burgers aan Landdros Weeber van Middelburg, 19 Augustus 1876.
(28) R3876/76, No. 194, Verslag van die Staatspresident oor die Oorlog teen Sekukuni, Pretoria, 2 September 1876.
(29) Die Kommandant van Middelburg was I.P. Ferreire. Hy word ook bevelvoerder van hierdie groep Vrywilligers. Dit is baie natuurlik dat 'n groep Middelburgers, onder die leiding van hulle Kommandant, Vrywilligers geword het. Die naam, die Middelburgse Vrywilligerkorps, word natuurlik ook hierdeur verklaar.
(30) „De Volkstem", 4 November 1876, Byvoegsel.
(31) L.M., Inkomende stukke vanaf die Staatssekretaris, Januarie tot Desember 1876, President Burgers aan Landdros Weeber van Middelburg, 3 Oktober 1876. Hier word van Kaptein Johnstone gepraat. Sy rang is egter die van luitenant en nie kaptein nie.
(32) „De Volkstem", 4 November 1876, Byvoegsel. Kommandant Lewis, wat later vir Kommandant Minnaar afgelos het, gee die datum as 22 Oktober en die getal as 40 blankes en 50 naturelle - R3200/76, Kommandant Lewis aan President Burgers, Pretoria, 16 November 1876. Kommandant Ferreira verwys eenmaal selfs na 60 blankes en 50 naturelle - R3327/76, Kommandant Ferreira aan President Burgers, 23 November 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Ons sien dus dat die fort deur gekommandeerde burgers beset was vanaf 19 Augustus to 23 Oktober 1876. Omdat die aankoms van die Vrywilligers so vertraag was, het 'n afdeling manskappe onder Kommandant Lewis die manskappe onder Kommandant Minnaar kom aflos. Hierdie aflossing onder Kommandant Lewis het op 22 September 1876 by die fort opgedaag.(33) Laasgenoemde manskappe was dus by die fort aan die Olifantsrivier teenwoordig toe die Vrywilligers daar aangekom het.

Terwyl die fort beset was deur die gekommandeerde burgers, 'n tydperk van meer as twee maande, was daar 'n mate van optrede teen die vyandelike naturelle. Hierdie optrede, asook die van die Vrywilligers self, word egter oorgelaat vir 'n latere hoofstuk.

(b) Die Lydenburgse Vrywilligerkorps.

Soos reeds aangetoon, het die Krygsraad op 5 Augustus 1876 besluit dat die leër in twee afdelings verdeel sou word. Aan die afdeling onder Luitenant-generaal Smit is duidelike bevele gegee oor wat hy, en die manskappe aan hom toegewys, moes gaan doen. Ons het hierbo gesien wat hy en die manskappe moes gaan doen en hoe daaraan uitvoering gegee is. Aan die ander afdeling van die leër, onder President Burgers self, is geen bevele gegee nie. Daar is alleen bepaal dat hulle in die rigting van Lydenburg sou gaan om sake aldaar te gaan reël. Ook is daarop gewys dat hierdie afdeling van die leër 900 man sterk was.

Dus, terwyl Luitenant-generaal Smit en sy manskappe hulle deel van die plan ten weste van die Luluberge sou gaan uitvoer, sou die ander afdeling ten ooste van die

... Luluberge..

---

(33) R2525/76, Kommandant Lewis aan President Burgers, 23 September 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Luluberge wees om sake aldaar te reël. Bevele was hier nie nodig nie, aangesien die Opperbevelhebber, President Burgers, self aan die hoof van hierdie groep gestaan het en dus besluite kon neem na gelang die omstandighede.

Op 7 Augustus 1876 het President Burgers en sy afdeling van die leër dan ook vertrek in die rigting van Lydenburg. Op 8 Augustus het hulle aan die Steelpoortrivier aangekom. Hier word nou 'n baie geskikte plek gevind vir die oprigting van 'n fort en die President laat dan ook dadelik een aan die regteroewer oprig. (Dit is egter eers heelwat later heeltemal voltooi).(34) Hierdie fort was geleë by die sameloop van die Steelpoort- en Spekboomrivier.(35)

Hier was dus ook 'n fort wat beman moes word. Daar was egter geen spesiale voorbereidings getref vir die besetting van hierdie fort nie. Op 9 Augustus 1876 skryf President Burgers dan ook aan H.W.A. Cooper, die landdros van Lydenburg, om dadelik die artilleriste te Lydenburg, saam met 'n kanon en die nodige ammunisie, na die fort te stuur. Hy moes ook dadelik 'n veertigtal burgers bymekaar maak om te kom help met die besetting van die fort.(36) Dit was ook nie lank nie of die artilleriste en die 40 manskappe het vertrek na die fort aan die Steelpoortrivier. Hulle het ook die kanon en die vereiste ammunisie saamgeneem.(37) Kaptein Otto

... Riedel..

---

(34) R3876/76, No. 194, Verslag van die Staatspresident oor die oorlog teen Sekukuni, Pretoria, 2 September 1876.
(35) Alfred Aylward, p. 57.
(36) C1748, p. 111, No. 79, byvoegsel 3, President Burgers aan Landdros Cooper van Lydenburg, 9 Augustus 1876.
(37) L.L., Brieweboek, September tot November 1876, No. 596, Landdros Cooper van Lydenburg aan President Burgers, 11 Augustus 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Riedel, van die Staatsartillerie, het saam met hierdie manskappe na die fort gegaan.(38) Die President was baie haastig om die Lydenburgse manskappe by hom te hê. Hy het gevoel dat sonder hulle hulp, hy nie die ander manskappe veel langer by hom sou kon hou nie.(39)

In sy verslag oor die oorlog skryf President Burgers dat hy die fort laat beman het deur die artillerie onder Kaptein Otto Riedel asook deur 'n sestigtal Heidelbergers. Hy maak egter geen melding van die Lydenburgers nie. Die verslag is egter eers op 2 September 1876 geskryf, na sy aankoms in Pretoria. Dit is dus moontlik dat die Lydenburgers slegs 'n kort tydjie by die fort vertoef het en toe weer terug is, moontlik nadat President Burgers gesien het dat die toestand nie werklik so gevaarlik was nie. Met sy aankoms aan die Steelpoortrivier, het hy die toestand as so kritiek beskou dat hy gemeen het, dat sonder die hulp van hierdie groepie Lydenburgers, die naturelle vrye spel sou hê en dat Lydenburg self moontlik verlore kan gaan.(40) Dit was egter nie lank nie of hy het begin sien dat die toestand nie so kritiek was as wat hy aanvanklik gemeen het nie.(41)

Hier was dus nou 'n tweede fort opgerig en gedeeltelik voltooi. Die fort is beman deur lede van die Staatsartillerie en ook deur 'n sestigtal Heidelbergers. Dit was nie die bedoeling dat hierdie burgers vanaf Heidelberg permanent in die fort moes bly nie. Weer was dit die bedoeling om hulle deur Vrywilligers te vervang sodra die gevind kon word.

... Hierdie..

---

(38) „De Volkstem", 26 Augustus 1876.
(39) C1748, p 111, No. 79, byvoegsel 3. President Burgers aan Landdros Cooper van Lydenburg, 9 Augustus 1876.
(40) Ibid.
(41) R2127/76, President Burgers aan Staatssekretaris Swart, 19 Augustus 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Hierdie taak, naamlik die werwing van vrywilligers om die fort aan die Steelpoortrivier te beman, word nou opgedra aan 'n gewese Pruisiese offisier, Kaptein von Schlickmann. Die plan was dat hy die Vrywilligers moes probeer werf te Lydenburg en op die Lydenburgse goudvelde.[42]

Kaptein Conrad Hans von Schlickmann was 'n baie kleurryke figuur. Ongelukkig is daar nie te veel bekend oor hom nie maar die spesiale korrespondent van die „Natal Mercury" het blykbaar 'n mate van kennis gedra en skryf ook een en ander omtrent hom na von Schlickmann se dood in 'n botsing met die vyandelike naturelle. Hy noem dit egter self „een vrij naaukeurig verhaal" van sy lewe in Europa. Volgens hom was von Scklickmann die seun van 'n Pruisiese familie van aansien en vermoë. Met die uitbreek van die Frans-Pruisiese oorlog in 1870 was hy 'n luitenant in 'n infanterieregiment. In die loop van die oorlog verwerf hy die rang van Kaptein. Met sy regiment was hy tot in Parys. Na die oorlog word hy aangestel as militêre attaché by die Pruisiese Ambassade in Parys onder Graaf von Arnim. Daar ontstaan nou 'n botsing tussen Bismarck en von Arnim en von Schlickmann skaar hom aan laasgenoemde se kant. Die gevolg is dat hy na Berlyn teruggeroep is om getuie teen von Arnim te kom gee. Von Schlickmann was glad nie geneë om teen sy hoof getuienis af te lê nie en hy verlaat Berlyn nadat sy vader hom 'n aansienlike som geld gegee het. Ook sou sy verloofde se vader die verlowing tot niet gemaak het a.g.v. al die moeilikhede waarin von Schlickmann homself bevind het. Von Schlickmann het

... nou..

---

(42) R3876/76, No. 194, Verslag van die Staatspresident oor die oorlog teen Sekukunie, Pretoria, 2 September 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nou na Parys teruggekeer waar hy eenvoudig al die geld vermors het. Die volgende wat van hom gehoor word was op die diamantvelde in Grikwaland-Wes. Hier het hy deelgeneem aan 'n mislukte opstand teen die Engelse outoriteite en wyk hierna uit na Transvaal waar hy by die Boeremagte aangesluit het.(43)

Hoeveel van hierdie beskrywing waar is, is moeilik om vas te stel. Hy was egter algemeen beskou as 'n gewese Pruisiese offisier en was berug vir die feit dat hy een van die vernaamste opstokers was van die rebellie teen die Engelse outoriteite op die diamantvelde.(44) Alfred Aylward skryf dat von Schlickmann 'n neef was van Generaal Manteuffel en deur familiebande verbind was aan baie bekende Pruisiese persone en dat hy die Ysterkruis vir dapperheid verwerf het.(45) Hy het sewe jaar in die Duitse leër diens gedoen.(46)

Met die moeilikhede op die diamantvelde was hy werklik 'n leidende figuur. Na die moeilikhede is 'n algemene amnestie verleen aan die opstandelinge, maar von Schlickmann en 'n paar ander het nie amnestie verkry nie. Hulle is gearresteer maar op borgtog uitgelaat.(47) Von Schlickmann het na die slag van Mathebi (4 Julie 1876) by die Boeremagte in Transvaal aangesluit.(48)

... Dit..

---

(43) „De Volkstem", 2 Desember 1876.
(44) Arthur Hardinge, „The Fourth Earl of Carnarvon", Deel II, p. 181.
(45) Alfred Aylward, p. 56.
(46) „Staats Courant", 25 Oktober 1876, Byvoegsel, Volgens getuie afgelê deur von Schlickmann voor 'n kommissie van ondersoek aangaande die oorlog teen Sekukuni, Pretoria, 7 September 1876.
(47) C1342, „Correspondence relating to the Colonies and States of South Africa", Deel I, p. 223, No. 41, Sir Henry Barkly aan Lord Carnarvon, 10 Julie 1876.
(48) „Staats Courant", 25 Oktober 1876, Byvoegsel, Volgens getuie afgelê deur von Schlickmann voor 'n kommissie van ondersoek aangaande die oorlog teen Sekukuni, Pretoria, 7 September 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Dit kom dus voor asof Kaptein von Schlickmann sy borgtog verbeur het en na Transvaal gegaan het sonder om vir verhoor te wag.

Met sy aankoms in Transvaal was Kaptein von Schlickmann gou een van die leidende figure in die stryd teen Sekukuni. Die plan, om liewers vrywilligers te gebruik in plaas van burgers, sou ook dan by hom ontstaan het.(49) Aylward maak ook hierdie bewering.(50)

Aan hierdie persoon word nou die taak opgedra om Vrywilligers te werf vir die fort aan die Steelpoortrivier. Hy het dadelik aan die werk gespring.

Die voorwaardes waaronder die Vrywilligers diens sou doen is ook hier in die veld opgestel maar omdat die Vrywilligers nog gewerf moes word, is daar natuurlik geen naamtekeninge van persone wat hulle dienste as Vrywilligers aanbied nie.(51) Hierdie voorwaardes, wat moontlik op 14 Augustus 1876 opgestel was, is kortliks soos volg: Die Korps sou bekend staan as die Lydenburgse Vrywilligerkorps. Die persone wat hulle dienste as vrywilligers aanbied, sou 'n salaris van £5 per maand ontvang, 'n plaas van 2000 morge ten Ooste (en noordooste) van die Luluberge, die nodige provisie, gewere en ammunisie en buit wat hulle van die vyand of smokkelaars kon afneem, behalwe as dit voorheen gesteel was van onderdane van die Republiek. Die Korps sou ook 'n honderd perde ontvang. Die Vrywilligers moes dan onderneem om 'n fort oos van die Luluberge te beset, en dat hulle alles wat nodig was sou doen om te verhoed dat die

... vyand...

---

(49) „De Volkstem", 2 Desember 1876, Dis die reedsvermelde artikel geskryf na von Schlickmann se dood.
(50) Alfred Aylward, p. 56.
(51) R2549/76. Hierdie dokument is ongedateerd. In 'n latere dokument (R3863/76), wat wel deur die Vrywilligers onderteken is, word na hierdie voorwaardes verwys en die datum gestel as 14 Augustus 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vyand sou pik en saai en ook om verder te help in die onderdrukking van die opstand. Verder het die regering burgerskap belowe aan die Vrywilligers, wat dit nog nie gehad het nie.

Met die werwing van die Vrywilligers het dit aanvanklik goed gegaan. Gou was daar alreeds 46 gewerf.(52) Van hierdie getal is 37 vanaf die goudvelde van Lydenburg afkomstig.(53)

Hierdie aanvanklike suksesvolle rekrutering van Vrywilligers het nie lank aangehou nie. Die inwoners van die goudvelde was nie baie goedgesind teenoor hierdie rekrutering nie en het hulle openlik daarteen verset. Soos Alfred Aylward dit uitdruk: „..... there (die goudvelde) he (von Schlickmann) found a certain hostile element, which encouraged by the mistaken action of the English Government in giving belligerent rights to Secoecoenie, and in recognizing him as an independent sovereign, had now determined to prevent volunteers from the Fields joining the Republic" en „Newspaper articles were written, meetings held, and resolutions passed, deciding that any man daring to volunteer for the fort should never be permitted to return to the Gold Fields."(54)

Hierdie verset maak dit nou noodsaaklik dat daar elders na Vrywilligers gesoek moes word. Intussen is hierdie eerste groep Vrywilligers na die fort en heelwat optrede teen die vyand is deur hulle gedoen. Oor

... hierdie..

---

(52) „De Volkstem", 9 September 1876. Hierdie is gepubliseer na 'n persoonlike onderhoud met Kaptein von Schlickmann wat toe in Pretoria was. Hierdie getal kom ook ooreen met 'n sterkterapport van Kaptein Riedel op 8 September 1876 - R2363/76.
(53) Alfred Aylward, p. 61.
(54) Alfred Aylward, p. 60-61.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hierdie optrede word in 'n latere hoofstuk volledig ingegaan. Op 28 Augustus 1876 verlaat Kaptein von Schlickmann tydelik die fort aan die Steelpoortrivier om na Pretoria te gaan om getuienis af te lê voor 'n kommissie van ondersoek aangaande die veldtog teen Sekukuni. Kaptein Otto Riedel neem nou sy plek in as waarnemende bevelvoerder.(55)

Heel natuurlikerwys wend Kaptein von Schlickmann hom nou na die diamantvelde te Kimberley in Grikwaland-Wes. Hier het hy baie ervare en veglustige avonturiers geken en dit is dus 'n baie verstaanbare stap om alhier te probeer om Vrywilligers te werf. In hierdie werwingsveldtog maak hy hoofsaaklik gebruik van Alfred Aylward.

Net soos Kaptein von Schlickmann, was Alfred Aylward ook 'n baie kleurryke figuur. Hy was 'n Ier en die bewering is gemaak dat hy in Ierland ook heelwat met die wet gebots het, maar dit as 'n Ier wat in botsing met die Engelse gesag gekom het.(56) Hy het ook later sy verskyning op die diamantvelde in Grikwaland-Wes gemaak en was, saam met Kaptein von Schlickmann en andere, een van die leiers van die opstand aldaar. Nes von Schlickmann, het hy geen amnestie ontvang nie, maar waar laasgenoemde gearresteer was, het hy ontvlug en sodoende arrestasie vrygespring. Die aanklag teen hierdie persone was die van „sedition and riot."(57)

Kaptein von Schlickmann en Alfred Aylward was dus

... goed..

---

(55) R2363/76, Verslag oor die Lydenburgse Vrywilligerkorps deur Kaptein Riedel, 28 Augustus tot 8 September 1876.
(56) John Martineau, „The Life and Correspondence of Sir Bartle Frere", Deel II, p. 176.
(57) C1342, Deel I, p. 223, No. 41, Sir Henry Barkly aan Lord Carnarvon, 10 Julie 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



goed bekend. Volgens Aylward self het Kaptein von Schlickmann aan hom geskrywe om 'n honderd man op die diamantvelde te rekruteer.(58) Waar Aylward op hierdie tydstip was word nie aangedui nie. Ook het Kaptein von Schlickmann 'n spesiale agent na die diamantvelde gestuur met die opdrag om Duitsers vir die Korps te werf.(59)

Met die rekrutering van hierdie Vrywilligers is goed gevorder. Christiana is vasgestel as die rekruteringsdepot. Aylward het ook sy verskyning te Christiana gemaak en het gerapporteer dat voldoende Vrywilligers reeds gevind was. Hierdie manskappe sou op 5 Oktober 1876 in die Vrystaat bymekaarkom en dan met gekommandeerde waens na Christiana vervoer word.(60) Hierna het Aylward weer vertrek met die doel om die Vrywilligers op die bepaalde plek te gaan ontmoet.(61)

Dit wil voorkom asof Aylward meer deur middel van kontakte en agente hierdie werwingsveldtog van stapel gestuur het. Dit kan aangeneem word dat hy nie weer so gou sy verskyning op die diamantvelde sou maak nie, omrede die moeilikhede wat hy daar met die owerhede gehad het.

Die Vrywilligers maak dan ook nou hulle verskyning te Christiana en hier tree hulle nou offisieel toe tot die Lydenburgse Vrywilligerkorps. Hier het hulle 'n dokument onderteken wat verklaar dat hulle by die Korps aansluit onder die voorwaardes soos deur die President vasgestel op 14 Augustus 1876. Verder handel hierdie

... dokument..

(58) Alfred Aylward, p. 61.
(59) Ibid.
(60) R2604/76, Die landdros van Christiana aan President Burgers, 30 September 1876. Die bymekaarkomplek was presies bepaal nl. op die hoofpad vanaf Boshof na Kimberley, by ene Harvey se hotel, 12 myl vanaf Kimberley.
(61) R2670/76, Die landdros van Christiana aan Staatssekretaris Swart, 7 Oktober 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dokument oor sekere huishoudelike aangeleenthede van die Korps, sake soos dissipline, bedankings e.d.m. Die dokument word op 28 September 1876 deur Kaptein von Schlickmann onderteken in sy hoedanigheid as Kaptein van die Lydenburgse Vrywilligerkorps. Op 29 September het Aylward geteken as Waarnemende Adjudant. Dan is die dokument ook onderteken deur nog 75 manskappe, die laaste op 14 Oktober 1876.[62] Almal het dus nie gelyk aangekom nie. Dit blyk ook dat Kaptein von Schlickmann vanaf Pretoria na Christiana gekom het om sake te kan reël.

Ons vind dat die Vrywilligers nie openlik op die diamantvelde gewerf is nie. Hulle het eers by die Korps aangesluit na hulle aankoms in Transvaal. Hierdie optrede moet toegeskryf word aan die bestaan van die „Foreign Enlistment Act", 'n Britse wet, wat rekrutering verbied het op Britse gebied vir enige oorlog tussen ander moondhede. Hierdie wet is ook van toepassing gemaak in Natal[63] en in Grikwaland-Wes.[64] Alfred Aylward noem ook die bestaan van hierdie wet as die rede waarom die Vrywilligers eers na Transvaal vervoer moes word voordat hulle by die Korps kon aansluit.[65] Die landdros van Christiana skryf dat die bymekaarkomplek in die Vrystaat was „as nearly the whole of the more direct roads from Kimberley to Christiana pass through Griqualand West and the sooner the men are clear of that territory the less possibility there will be of any unpleasantness arising."[66]

...Dat..

(62) R3863/76.
(63) C1748, p. 125, No. 103, Proklamasie van Sir H. Bulwer, 29 Augustus 1876.
(64) C1748, p. 123, No. 96, Sir Henry Barkly aan Lord Carnarvon, 7 September 1876.
(65) Alfred Aylward, p. 62.
(66) R2604/76, Die landdros van Christiana aan President Burgers, 30 September 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Dat die Engelse outoriteite wel probeer het om enige rekrutering te verhoed, blyk uit die feit dat hulle ene White op die diamantvelde gearresteer het op aanklag dat hy Vrywilligers sou gewerf het.(67)

Nadat die Vrywilligers nou offisieel aangesluit het by die Korps, het almal na die gevegsterrein vertrek. Hulle het onder die bevel van Adjudant Aylward gereis en op 26 Oktober 1876, 'n Donderdag, het hierdie Vrywilligers in Pretoria aangekom. Die volgende dag het hulle alweer vertrek op pad na die fort.(68) Voor hulle vertrek is elkeen eers van 'n geweer voorsien.(69) Hoeveel manskappe in Pretoria aangekom het is nie seker nie. Moontlik was die getal 90.(70)

Op 12 November het die Vrywilligers in Lydenburg aangekom en hier het Kaptein von Schlickmann hulle ontmoet.(71) Kaptein von Schlickmann het nie saam met die manskappe gereis nie, maar het voruitgegaan. Op 22 Oktober 1876 was hy alreeds by die fort en het vandaar weer na Lydenburg gegaan om die Vrywilligers onder Aylward te ontmoet.(72) Op 13 November het Kaptein von Schlickmann en die voorhoede by die fort aangekom en op 14 November die ander Vrywilligers.(73)

Terwyl hierdie gebeure aan die gang was het daar

... ook..

---

(67) „De Volkstem", 21 Oktober 1876, Byvoegsel.
(68) „De Volkstem", 28 Oktober 1876.
(69) R3520/76, Alfred Aylward aan President Burgers, 30 November 1876.
(70) In sy skrywe aan President Burgers op 30 November 1876 (R3520/76) stel Aylward die getal manskappe vas op 90. Hy wys ook daarop dat daar slegs 85 gewere was en dat die res privaat aangekoop moes word. „De Volkstem" van 28 Oktober 1876 stel die getal egter op 60, en die „Natal Mercury" van 14 November 1876 op 61. Dit moet onthou word dat daar meer as 75 Vrywilligers te Christiana aangesluit het. Moontlik kon nog 'n paar aangesluit het op pad na Pretoria.
(71) Alfred Aylward, p. 68.
(72) „De Volkstem", 2 Desember 1876. Hierdie berig is op 17 November geskryf deur die koerant se spesiale korrespondent.
(73) Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ook nog op 13 Oktober 1876 elf ander Vrywilligers by die fort aan die Steelpoortrivier opgedaag.(74) Hulle het natuurlik van die soektog na Vrywilligers gehoor en self na die fort gegaan om hulle dienste aan te bied.

Die vernaamste rekrutering was nou verby en daar kon nou werklik teen die vyand opgetree word. Voor die aankoms van hierdie Vrywilligers was daar alreeds botsings met die vyand. Hierdie en die daaropvolgende optrede, word egter vir 'n latere hoofstuk oorgelaat.

(c) Die goedkeuring deur die Volksraad.

Al hierdie voorgaande reëlings en besluite moes nou natuurlik nog die goedkeuring van die Volksraad ontvang. President Burgers het ook so gou moontlik pogings aangewend om hierdie goedkeuring te verkry.

Terwyl hy nog aan die Steelpoortrivier was, het hy, op 9 Augustus 1876, 'n boodskap na Pretoria gestuur om die Volksraad byeen te roep.(75) Die Volksraad het dan ook op 4 September 1876 byeen gekom en President Burgers het dadelik die kwessie van die Korpse aangeroer. Met sy openingstoespraak het die President die volgende in hierdie verband gesê: Hy het daarop gewys dat die verdedigingstelsel van die land 'n radikale verandering moes ondergaan. Hy het, het hy voortgegaan, alreeds 'n plan voorgestel aan die Krygsraad vir die daarstelling van grenspolisie en vir die uitgee van Goewermentsplase tussen die Olifants- en Steelpoortrivier onder sekere voorwaardes. Hierdie voorwaardes is reeds deur die Krygsraad goedgekeur. Verder het die President daarop

... gewys..

(74) Ibid.
(75) C1748, p. 113, No. 80, Sir Henry Barkly aan Lord Carnarvon, 13 Augustus 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gewys dat hy vir Kaptein von Schlickmann opdrag gegee het om 'n Korps te stig om 'n fort aan die Steelpoort-rivier te beset.(76)

'n Paar dae later, naamlik op 8 September 1876, het die Volksraad hierdie planne bespreek, maar geen besluite in die verband is toe geneem nie. Die hele saak is verwys na 'n kommissie van vyf lede bestaande uit die here Munnich, Struben, de Vries, Buhrman en J. Joubert.(77)

Heelwat tyd het nou verby gegaan voordat die saak weer in die Volksraad bespreek is. Op 19 en 20 September 1876 is die ontstaan en voorwaardes van diens van die Lydenburgse Vrywilligerkorps bespreek. Die strekking van die Voorwaardes is eers in sy geheel behandel en goedgekeur en daarna het die Volksraad elke voorwaarde afsonderlik behandel en finale vorm gegee.(78) Na hierdie goedkeuring van die ontstaan en diensvoorwaardes van die Lydenburgse Vrywilligerkorps, is die Voorwaardes in die Staatskoerant gepubliseer en staan bekend as Wet No. 4 van 1876.(79) Hierdie goedgekeurde voorwaardes kom heeltemal ooreen met die voorlopige voorwaardes soos op 14 Augustus 1876 opgestel.

Die Middelburgse Vrywilligerkorps het onder bespreking gekom op 20 en 21 September 1876. Op hierdie twee dae is die ontstaan en diensvoorwaardes van hierdie Korps bespreek en goedgekeur.(80) Hierdie voorwaardes is ook

... in..

---

(76) Notule van die Volksraad, 4 September 1876, artikel 1. Wat hier ietwat vreemd voorkom is dat geen direkte melding gemaak word van die Middelburgse Vrywilligerkorps nie.
(77) Notule van die Volksraad, 8 September 1876, artikel 11.
(78) Notule van die Volksraad, 19 en 20 September 1876, artikels 26 en 27.
(79) „Staats Courant", 11 Oktober 1876; Lokale Wette van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1849-1885, p. 672.
(80) Notule van die Volksraad, 20 en 21 September 1876, artikel 28 en 29. By hierdie Korps se Voorwwardes is bepaal dat hulle ook £5 per maand sou ontvang. Dis voorheen nie 'n deel van hulle voorwaardes gewees nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


in die Staatskoerant gepubliseer en staan bekend as Wet No. 5 van 1876.(81)

Nadat die Volksraad die ontstaan en Voorwaardes van die twee Korpse goedgekeur het, het hulle aandag geskenk aan die finansiële sy van die onderneming. Die verwagte onkoste is nou in besonderhede uitgewerk en dit wel vir 'n tydperk van een jaar. Vir elke Korps is apart beraam en wel soos volg:

Die Lydenburgse Vrywilligerkorps.(82)

| | |
|---|---|
| Salaris van 150 man teen £5 per maand per man .... | £9000 |
| Salaris van die Bevelvoerder .................... | 365 |
| Salaris van drie offisiere (ekstra) ............ | 180 |
| 400 slagbeeste teen £6 stuk ..................... | 2400 |
| Meel teen £3 per dag vir een jaar ............... | 1095 |
| Koffie (30/- per dag) en Suiker (15/- per dag) vir een jaar ............................. | 821 |
| Ammunisie ......................................... | 1000 |
| 80 saels en tooms teen £6 per sael en toom ...... | 500 |
| 100 perde teen 'n gemiddeld van £45 elk ......... | 4500 |
| Totaal ... | £19,861 |

Die Middelburgse Vrywilligerkorps.(83)

| | |
|---|---|
| Salaris van 100 man teen £5 per maand per man .... | £6000 |
| Salaris van die Bevelvoerder..................... | 300 |
| Salaris van twee offisiere (ekstra) ............ | 120 |
| 266 slagbeeste teen £6 stuk ..................... | 1596 |
| Meel teen £2 per dag vir een jaar ............... | 730 |
| Koffie (20/- per dag) en Suiker (10/- per dag) vir een jaar ............................. | 547 |
| Ammunisie ......................................... | 757 |
| Totaal ... | £10,050. |

Die totale beraamde uitgawes verbonde aan die twee Korpse was dus £29, 911.

Dit kan gesien word dat die Lydenburgse Vrywilligerkorps die grootste sou wees. Dit verklaar waarom hierdie

... bevelvoerder..

(81) „Staats Courant", 11 Oktober 1876; Lokale Wette van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1849-1885, p. 673.
(82) Notule van die Volksraad, 22 September 1876, artikel 34. Die beraming vir saels en tooms is nie korrek nie, moontlik doelbewus om 'n speling te laat. Sjielings is ook nooit bygereken nie.
(83) Notule van die Volksraad, 22 September 1876, artikel 35.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bevelvoerder 'n groter salaris sou ontvang. Die Middelburgse Vrywilligerkorps sou ook geen perde, saels en tooms kry nie. Die rede is heelwaarskynlik dat hierdie groep Vrywilligers reeds op kommando was en dus in hierdie opsig geholpe was.

Na hierdie beraming van uitgawes het die Volksraad sy aandag geskenk aan hoe om hierdie geld in die hande te kry. Ook moes die reeds aangegane uitgawes van die veldtog teen Sekukuni gedek word. Hierdie bedrag was £23,000. Om al hierdie onkostes te dek, het die Volksraad nou 'n oorlogsbelasting gehef en wel soos volg:(84)

| | |
|---|---|
| Van elke eienaar van 'n plaas of plase en wat in Transvaal woon ...................................... | £10 |
| Van elke eienaar van 'n gedeelte van 'n plaas en wat in Transvaal woon .............................. | £5 |
| Van elke eienaar van een of meer beboude erwe en wat geen plaas besit het nie ..................... | £5 |
| Van elke eienaar van een of meer beboude erwe en wat 'n plaas of plase besit ...................... | £3 |
| Elke kleurling in besit van 'n erf .............. | £2 |
| Elke persoon bo 21 wat nie 'n plaas of erf besit nie | £2 |
| Persone buite Transvaal wat in die Transvaalse gebied 'n plaas besit ............................. | £12. |

Hierdie belasting het later geblyk 'n baie onpopulêre belasting te wees.

Ten laaste is die aanstellings van die twee Korpse se bevelvoerders gepubliseer. Kaptein von Schlickmann as Kaptein van die Lydenburgse Vrywilligerkorps(85) en die van Kommandant Ferreira as Kaptein van die Middelburgse Vrywilligerkorps.(86) Die rang van die bevelvoerders was dus Kaptein. Die rang van Kommandant wat Ferreira gehad het, het gekom omdat hy die Kommandant van die Middelburgse kommando was. Hy het ook gewoonlik voorkeur aan die rang gegee.

---

(84) Notule van die Volksraad, 22 September 1876, artikel 37.
(85) „Staats Courant", 11 Oktober 1876, Goewermentskennisgewing 280 van 23 September 1876.
(86) „Staats Courant", 18 Oktober 1876, Goewermentskennisgewing 303 van 16 Oktober 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## HOOFSTUK II.

### Die Middelburgse Vrywilligerkorps en die Oorlog teen Sekukuni.

In hoofstuk I is aangetoon dat die fort aan die Olifantsrivier op 18 Augustus 1876 by die boukommissie oorgeneem is en op 19 Augustus beset word. Kommandant P.C. Minnaar en ongeveer 300 manskappe het op hierdie dag die fort beset terwyl Luitenant-generaal N.J. Smit en die ander manskappe in die rigting van Pretoria vertrek het. Daar moet weereens daarop gelet word dat hierdie manskappe nie Vrywilligers was nie. Hulle moes alleen hierdie fort beset tot tyd en wyl die Vrywilligers sou opdaag. Laasgenoemde het toestemming gehad om eers na hulle huise te gaan met 'n maand verlof alvorens hulle na die fort moes terugkeer. Die Vrywilligers het egter baie langer as die bepaalde maand weggebly en dit was selfs nodig om vir Kommandant Minnaar en sy manskappe te laat aflos deur 'n ander groep burgers onder Kommandant Lewis. Eers daarna het die Vrywilligers hulle verskyning gemaak.

Hierdie fort aan die Olifantsrivier was onder meer as een naam bekend. Daar is daarna verwys as „Minnaars Fort", „Fort Lewis", „Het Fort, Olifantsrivier", „Fort Olifantsrivier" en selfs „Fort Olifant". Om enige verwarring te voorkom sal die naam die Olifantsrivierfort gebruik word om hierdie fort aan te dui.

Daar is maar min gegewens oor hierdie fort. Hoe dit presies daar uitgesien het is moeilik om vas te stel aangesien daar geen sketsplan van die fort is nie. Dit was geleë aan die Olifantsrivier en wel in die nabyheid van waar die Droogkraalsloop in die Olifantsrivier invloei. Hierdie is die ligging van die Olifantsrivierfort soos aangedui op Jeppe se kaart van die Transvaal, 1899.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Aylward wys daarop dat hierdie fort op 'n redelike gesonde plato was.(1)

Vanaf hierdie fort sou Kommandant Minnaar en sy manskappe, Kommandant Lewis en sy manskappe en later (vir 'n tyd) die Middelburgse Vrywilligerkorps onder Kommandant Ferreira, optree teen Sekukuni, sy verskillende kapteins en sy bondgenote. Hierdie optrede was in die gebied ten weste van die Luluberge. Terwyl dit aan die gang was, het die ander groep Vrywilligers, die Lydenburgse Vrywilligerkorps, teen die vyand opgetree ten ooste van die Luluberge.

Die eerste optrede ten weste van die Luluberge vind in werklikheid alreeds plaas voor die voltooiing en besetting van die Olifantsrivierfort. Dit geskied nog onder die leiding van Luitenant-generaal Smit. Op 17 Augustus 1876 het die Krygsraad besluit om Panama, een van Sekukuni se kapteins, aan te val.(2) Hierdie aanval het plaasgevind op 18 Augustus en 125 manskappe het daaraan deelgeneem sowel as 300 onderdane van Magali, 'n goedgesinde naturellehoof. Die aanvallers het daarin geslaag om Panama se stat aan die brand te steek. 'n Berig, dat Sekukuni besig was om hulle te omsingel, het die aanvallers egter haastig laat terugtrek. Vyf naturelle aan boerekant, het wonde opgedoen. Die vyand se verliese was nie bekend nie.(3)

Hierna, op 19 Augustus 1876, het die burgers onder Luitenant-generaal Smit die gevegsterrein en die fort verlaat en alles oorgelaat aan Kommandant Minnaar en sy 300 manskappe.

... Hierna..

---

(1) Alfred Aylward, p. 57.
(2) R3876/76, No. 1, Notule van die Krygsraad, 18 Augustus 1876.
(3) „De Volkstem", 26 Augustus 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Hierna is daar op 30 Augustus 1876 weer sprake van 'n voorgenome aanval, weer teen Panama en weer met die hulp van Magali se onderdane.(4) Ook die Krygskommissaris, S.J. Mostert, maak melding van hierdie beplande aanval.(5) Dit kom egter voor asof dit nooit plaasgevind het nie, aangesien daar nie weer enige melding van gemaak word nie.

Alles het nou stil verloop en eers op 11 September word daar weer teen die vyand opgetree. Met slegs 27 manskappe het Kommandant Minnaar op hierdie dag op 'n patrollie uitgegaan en daarin geslaag om 230 beeste en drie gewere buit te maak. Daar is ook 12 van die vyandelike naturelle gedood.(6) 'n Hele aantal naturelletuine is ook vernietig.(7) Hierdie aanval was teen Sekukuni self gemik en dis sy beeste wat gebuit is.(8)

Hierdie was die eerste en laaste optrede van Kommandant Minnaar en sy manskappe. Daar was baie moeilikheid in die fort. Soos reeds vermeld het slegs 27 manskappe die aanval op 11 September onderneem. Die ander het eenvoudig geweier en beweer dat hulle in die Olifantsrivierfort was om dit te beset en nie om vee te buit en gesaaides te gaan vernietig nie.(9)

Hierdie moeilikheid was al 'n geruime tyd aan die broei. Op 8 September al het Kommandant Minnaar rapporteer dat sy manskappe baie lastig is omdat daar geen meel,

... koffie..

---

(4) R3876/76, No. 176, Kommandant Minnaar aan Staatssekretaris Swart, 30 Augustus 1876.
(5) R2352/76, S.J. Mostert aan President Burgers, 30 Augustus 1876.
(6) R2428/76, Notule van die Krygsraad, 13 September 1876; „De Volkstem", 23 September 1876, gepubliseer na 'n persoonlike onderhoud met Kommandant Minnaar wat toe al terug in Pretoria was.
(7) „De Volkstem", 23 September 1876.
(8) R2426/76, S.J. Mostert aan President Burgers, 16 September 1876.
(9) „De Volkstem", 23 September 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



koffie en suiker aangekom het nie , omdat die tydstip waarop hulle afgelos moes word al begin nader het en ook omdat daar geen dokter of medisyne in die fort was nie.(10) Hierdie ontevredenheid is nou nog verder verhoog omdat daar besluit is om die 230 beeste net onder die 27 aanvallers te verdeel.(11)

Deurmekaartoestande heers nou in die Olifantsrivierfort. Die burgers het eenvoudig die fort begin verlaat. Teen 16 September 1876 het die aanvoerder, Kommandant Minnaar, met 'n aantal volgelinge die fort verlaat.(12) Hierna volg Veldkornette Pienaar en van Coller met 44 manskappe. Teen 18 September 1876 was daar nog net 22 manskappe oor.(13)

Kommandant Minnaar het wel al op 14 September die Krygsraad se toestemming gevra om maar huis toe te kan gaan aangesien sy been hom baie pyn gee en hy dus met 'n wa sou moes gaan.(14) Of hierdie toestmming verkry is word nie aangedui nie.

S.J. Mostert, die Krygskommissaris, skryf hierdie uittog uit die fort toe aan die roekelose beloftes van Luitenant-generaal Smit en ook aan die houding wat Kommandant Minnaar ingeneem het. Dit blyk dat Kommandant Minnaar die burgers aangemoedig het om nie langer as die bepaalde maand te bly nie.(15) Wat die

... beloftes..

---

(10) R2329/76, Kommandant Minnaar aan Staatssekretaris Swart, 8 September 1876.
(11) R2426/76, S.J. Mostert aan President Burgers, 16 September 1876.
(12) Ibid.
(13) R2427/76, G. Reneke aan President Burgers, 18 September 1876. Hy onderteken die brief as Kommandant. Later word na hom verwys as Assistent-kommandant (R3200/76)
(14) R2428/76, Notule van die Krygsraad, 14 September 1876.
(15) R2947/76, S.J. Mostert aan President Burgers, 18 September 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beloftes van Luitenant-generaal Smit betref is daar nie duidelikheid nie. Moontlik het hy beloftes oor 'n aflossing vir die in die fort, gereelde aankoms van voorrade e.d.m. gedoen, wat nou nie presies aan voldoen is nie.

Gelukkig was Kommandant J. Lewis al op pad om vir Kommandant Minnaar en sy manskappe af te los. Op 12 September 1876 het President Burgers vir Kommandant Lewis (die kommandant van Pretoria) aangesê om, met sy manskappe, so gou moontlik na die Olifantsrivierfort te gaan om Kommandant Minnaar te gaan aflos.(16) Op 22 September 1876 daag hy dan ook met 105 manskappe op.(17) Hy vind Assistent-Kommandant Reneke nog in die fort maar ook al gereed om te vertrek.(18) Die posisie was dus gered en die fort kon weer beset word.

Die plan was nou dat Kommandant Lewis vir Kommandant Ferreira sou laat weet dat hy by die Olifantsrivierfort aangekom het. Ferreira sou dan terug laat weet wanneer hy sou aankom sodat hulle dan saam sou kon optree teen die vyand.(19)

Vir 'n tyd lank egter, was Kommandant Lewis en sy manskappe alleen in die Olifantsrivierfort. Gedurende hierdie periode is daar ook nie veel gedoen om teen die vyand op te tree nie. Kommandant Lewis het gekla dat

... sy..

(16) R3200/76, President Burgers aan J. Lewis, 12 September 1876.
(17) R2525/76, Kommandant Lewis aan President Burgers, 23 September 1876.
(18) R3200/76, Kommandant Lewis aan President Burgers, 16 November 1876, Pretoria. Of Assistent-Kommandant Reneke alleen in die fort was en of die 22 manskappe, wat op 18 September wel nog daar was, nou ook nog in die fort was, word nie aangedui nie. Moontlik was die 22 manskappe ook nog daar.
(19) R2525/76, Kommandant Lewis aan President Burgers, 23 September 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sy 105 manskappe hopeloos te min was vir enige effektiewe optrede teen die vyand. Daar was ook 'n tekort aan perde en dit het alles verder bemoeilik.(20)

Kommandant Lewis het nogtans gereeld patrollies uitgestuur en op 9 Oktober 1876 word daar werklik opgetree. Kommandant Lewis en 39 manskappe, saam met 'n klein groepie onderdane van Magali, het teen Maleka opgetrek. Hulle het daarin geslaag om sy kraal aan die brand te steek, 7 naturelle te dood en 100 skape en bokke te buit. Aan die aanvallers se kant is slegs twee naturelle gewond.(21)

Hierdie optrede was die enigste wat deur Kommandant Lewis en sy manskappe onderneem is terwyl hulle alleen in die fort was.

Op 10 Oktober 1876 het Kommandant Ferreira en sy Vrywilligers te Middelburg bymekaar gekom en dieselfde dag nog na die Olifantsrivierfort vertrek. Die Korps het nou bestaan uit slegs 42 blankes, 7 artilleriste en 51 naturelle. Hulle het ook 5 waens gehad. Hulle kom by die fort aan op 23 Oktober 1876.(22)

Nou eers, op 23 Oktober 1876, meer as twee maande na die oprigting van die Olifantsrivierfort, het die lede van die Middelburgse Vrywilligerkorps by die fort aangekom. Hierdie Korps se aanvoerder was Ignatius Philip Ferreira.

... Hy..

(20) „De Volkstem", 28 Oktober 1876, Geplaas na aanleiding van 'n skrywe van Kommandant Lewis, 15 Oktober 1876.
(21) R3200/76, Kommandant Lewis aan President Burgers, 16 November 1876; „De Volkstem", 28 Oktober 1876. Die koerant skryf egter dat die aanval teen Panama was.
(22) „De Volkstem", 4 November 1876, Byvoegsel, Geskryf deur die koerant se spesiale korrespondent, 27 Oktober 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hy is op 5 Julie 1840 te Grahamstad gebore en het reeds as 'n jong man sy eerste oorlogsondervinding teen inboorlinge opgedoen. Hy het by „Currie's Border Police" aangesluit en teen die Basters en Hottentotte van die Noord-Wes Kaap geveg. Hierna het hy 'n tyd lank geboer en is later getroud. Vroeg in die sewentiger jare laat hy die boerdery vaar en gaan sy fortuin op die diamantvelde te Kimberley soek. Hierna verhuis hy na Transvaal en gaan in die Middelburgse distrik boer. In 1875 word hy gekies as Veldkornet van die Olifantsrivierwyk en 'n paar maande later neem hy deel aan die oorlog teen Sekukuni.(23) In 1876 word hy Kaptein van die Middelburgse Vrywilligerkorps. Ook sy latere loopbaan is interessant. Na die anneksasie rig hy 'n gevegseenheid, „Ferreira's Horse" op, in diens van die Engelse besetter, waarmee hy aan die tweede Sekukuni-oorlog deelneem. In hierdie oorlog tree hy hoofsaaklik as adviseur vir Sir Garnet Wolseley op. Op 2 Desember 1878 gee Sekukuni aan Ferreira oor. Ferreira ontvang nou die rang van Luitenant-Kolonel en die orde van „St. Michael and St. George." In 1879 neem hy prominent deel aan die oorlog teen Ketsjwayo en in 1880-81 veg hy teen die Basoetoes en word bevorder tot die rang van Kolonel. In 1881 is hy, vir 'n kort tydjie, die bevelvoerder van die „Transvaalse Rijdende Politie". Daarna het hy deelgeneem aan byna al die kaffermoeilikhede op die Suid-Westelike grens en veral die oorlog teen Montsioa en Mankoroane. Hierna is hy na die Witwatersrand en in 1886 kom wys hy aan President Kruger 'n stuk gouddraende erts. Die Witwatersrandse goudvelde word nou geproklameer en die delwers

... kom..

---

(23) W. Mc Donald, „The Romance of the Rand", p.160-161.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kom vestig hulle by „Ferreiras Kamp". Dit was die oorsprong van Johannesburg.[24] Ignatius Ferreira is oorlede op 13 Mei 1921 op die plaas Kranspoort naby Louis Trichardt. Hy was toe 81 jaar oud.[25]

Maar om terug te keer tot 1876. Met die aankoms van die Middelburgse Vrywilligerkorps, kom daar nou 'n groot oplewing in die oorlog. Daar was natuurlik nou meer manne in die Olifantsrivierfort en dit lyk ook asof Kommandant Ferreira meer geneig was tot positiewe optrede as sy voorgangers. Optrede teen die vyand, was altans die rede vir die vorming van die Middelburgse Vrywilligerkorps.

Alreeds op 26 Oktober 1876 word daar opgetree en wel teen Mapaslel en sy onderdane. Hierdie kaptein het vanaf die besetting van die Olifantsrivierfort deur Kommandant Minnaar, voorgegee dat hy vrede begeer, maar het nooit sy verskyning gemaak wanneer daar vir vrede onderhandel moes word nie.[26] Met meer as 40 perderuiters en meer as 30 naturelle word Mapaslel nou aangeval en 5 vyandelike naturelle word gedood, 400 hutte afgebrand en baie graan vernietig.[27] Op 29 Oktober word hierdie naturelle weer aangeval en die aanvallers verbrand weer 'n groot aantal hutte en vernietig weer 'n klompie graan.[28] Op dieselfde dag word ook verneem

... dat..

---

(24) „De Volkstem", 16 Mei 1921.
(25) „The Rand Daily Mail", 11 Februarie 1933. Dit kom voor in 'n artikel oor die ontstaan van Johannesburg deur W. Mc Donald.
(26) R3199/76, A. Ritter aan President Burgers, 8 November 1876.
(27) „De Volkstem", 18 November 1876, Gepubliseer na aanleiding van 'n skrywe van Kommandant Lewis en ook volgens die koerant se spesiale korrespondent; R3200/76, Kommandant Lewis aan President Burgers, 16 November 1876; R3199/76, Kommandant Ferreira aan landdros Weeber van Middelburg, 9 November 1876.
(28) R3199/76, Kommandant Ferreira aan landdros Weeber van Middelburg, 9 November 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat 'n sterk afdeling van Sekukuni se manskappe in die nabyheid van Ranto se kraal is. 'n Patrollie is daarheen, maar by hulle aankoms was die naturelle alreeds oor die berge.(29)

Op 30 Oktober word Mapaslel alweer aangeval, maar (dit is taamlik moeilik om te verstaan) die burgers het verdwaal en kon dus nie iets uitrig nie.(30)

Soos gesien kan word, het Kommandant Ferreira en sy Korps, met die hulp van Kommandant Lewis en sy manskappe, die vyand goed besig gehou. Op 6 November 1876 het Kommandant Ferreira alweer uitgetrek. Met sy Korps, 8 artilleriste, 10 van Kommandant Lewis se manskappe en vergesel van opperhoofde Magali, Maroaan en Marishani word daar op 'n patrollie uitgegaan. Die vorige dag al is 'n groep naturelle en 'n paar Vrywilligers te voet weg onder Luitenant Groschke en sou die volgende dag (6 November) ingehaal word.(31) Eers is na Ranto se kraal gegaan en daar is 19 beeste in die hande gekry. Daarna, op 7 November, is almal verder na die vroue-kaptein Masseleroon (Legolwana). Sy het hulle vriendelik ontvang en op aandrang die naturellekaptein Mathebi uitgelewer asook meer as 200 van sy beeste. Op die 8ste is die patrollie terug na die fort.(32) Masseleroon (Legolwana) was 'n suster van Sekukuni.

Na hierdie optrede het Kommandant Lewis besluit om terug te gaan na Pretoria. Op 5 November het hy alreeds

... berig..

---

(29) „De Volkstem", 18 November 1876; R3200/76, Kommandant Lewis aan President Burgers, 16 November 1876.
(30) Ibid.
(31) R3143/76, Kommandant Ferreira aan President Burgers, 9 November 1876.
(32) Ibid en R3200/76, Kommandant Lewis aan President Burgers, 16 November 1876; R3867/76, A. Ritter aan President Burgers, 9 November 1876; „De Volkstem", 18 November 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



berig ontvang dat hy en sy manskappe maar kon terugkeer sodra die Vrywilligerkorps in die fort is.(33) Hierdie berig is alreeds op 30 Oktober deur President Burgers geskryf.(34) Voor die vertrek van Kommandant Lewis en sy manskappe, is die gebuite vee eers verdeel. Kommandant Lewis was nie heeltemal tevrede met hierdie verdeling nie. Eers is eén-derde van die vee aan die naturelle (vermoedelik die wat gehelp het teen die vyand) gegee en daarna het elkeen een-sewentigste deel ontvang.(35) Op 8 November is hulle toe weg(36) en het op 12 November 1876 in Pretoria aangekom.(37)

Intussen het daar iets plaasgevind wat 'n taamlike opskudding verwek het. Die gevange Mathebi word op 8 November (dus die dag toe Kommandant Lewis vertrek het) na Pretoria gestuur maar slaag daarin om dieselfde nag te ontsnap naby die plek waar Kommandant Lewis en sy manskappe kampeer het.(38) Die gevangene was onder die geleide van Luitenant Johnstone, James Francis en James Potts.(39) Die feit dat Mathebi onder aparte geleide gestuur word, terwyl Kommandant Lewis en sy manskappe ook op pad was, is moeilik verstaanbaar. Kommandant Lewis het dit ook as 'n belediging vir hom en sy manskappe beskou.(40)

... Die..

(33) „De Volkstem", 18 November 1876, Gepubliseer na aanleiding van 'n skrywe van Kommandant Lewis.
(34) R3200/76, President Burgers aan Kommandant Lewis, 30 Oktober 1876.
(35) „De Volkstem", 18 November 1876, Gepubliseer na aanleiding van 'n skrywe van Kommandant Lewis.
(36) R3241/76, Kommandant Ferreira aan President Burgers, 11 November 1876.
(37) R3200/76, Kommandant Lewis aan President Burgers, 16 November 1876.
(38) R3241/76, Kommandant Ferreira aan President Burgers, 11 November 1876.
(39) „De Volkstem", 18 November 1876, Gepubliseer na aanleiding van 'n skrywe van Kommandant Lewis.
(40) Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Die ontsnapping van Mathebi het groot ontevredenheid verwek en President Burgers het Kommandant Ferreira deeglik betig oor hierdie ontsnapping. Volgens die President was daar nie genoeg voorsorg geneem nie en die gevangene kon ook saam met Kommandant Lewis gekom het. Luitenant Johnstone is ook tydelik ontslaan en Kommandant Ferreira moes toesien dat die twee Vrywilligers, Frances en Potts, gestraf word. President Burgers het toestemming gegee dat Johnstone kon aanbly as 'n Vrywilliger indien hy so verkies.(41) Tweede-Luitenant van Hasselt word in Johnstone se plek aangestel as Luitenant van die artillerie.(42) Johnstone is ook in kennis gestel dat hy geskors is.(43)

President Burgers was hier 'n bietjie haastig in sy optrede. Na al die feite bekend geword het en veral die bevel van Kommandant Ferreira dat Mathebi, om Christelike redes, nie vasgebind moes word nie, is Johnstone herstel as Luitenant van die artillerie.(44) Kommandant Ferreira is ook in kennis gestel dat Luitenant Johnstone herstel is en dat van Masselt weer teruggeplaas is na sy vorige rang.(45)

Bogaande gevolge van die ontsnapping van Mathebi, het natuurlik 'n hele paar weke geduur. Die dag na Mathebi se ontsnapping vind een van die grootste gevegte in hierdie voortsetting van die oorlog plaas. Sekukuni het 'n troepemag gestuur om Magali aan te val, sy stat

... te..

(41) B.B.3027/76, President Burgers aan Kommandant Ferreira, 14 November 1876.
(42) B.B.3028/76, President Burgers en Staatssekretaris Swart aan van Hasselt, 14 November 1876.
(43) B.B.3029/76, President Burgers en Staatssekretaris Swart aan Luitenant Johnstone, 14 November 1876.
(44) „De Volkstem", 25 November 1876, Gepubliseer na 'n persoonlike onderhoud met Potts te Pretoria.
(45) B.B.3164/76, President Burgers aan Kommandant Ferreira, 23 November 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te verbrand en sy vee weg te voer. Op 9 November 1876 vertrek Kommandant Ferreira met 25 man om die aanvallers te gaan voorkeer. Hulle loop ook 'n patrollie van die vyand raak, maar die slaan op vlug en laat 80 beeste, van Magali afgeneem, in die hande van die boere. Daarna tref die burgers 'n sterk mag van Sekukuni aan op 'n oop vlakte aan die voet van die Luluberge. Hulle was ongeveer 3000 sterk. Magali se manskappe daag ook nou op, en in die geveg word ongeveer 300 van die vyand gedood en 450 beeste en 150 skape, geroof van Magali, teruggeneem. Twee van Sekukuni se broers het ook hier gesneuwel. Dit was 'n baie belangrike oorwinning.(46) Terwyl hierdie geveg aan die gang was, het nog 'n 1000 vyandelike naturelle een van Magali se vestings aangeval, maar die aanval is afgeslaan met 'n verlies van 108 lewens.(47) Daar het altesaam 29 van Sekukuni se kapteins aan hierdie slag deelgeneem. Sekukuni se bevele was om, nadat Magali se stat afgebrand was, die fort aan te val en albei kanonne af te neem.(48)

Hierdie was dus 'n groot poging aan die kant van Sekukuni. Dit het egter op 'n algehele mislukking uitgeloop en vir Sekukuni die grootste nederlaag in die voortsetting van die oorlog besorg.

Na hierdie groot geveg kom daar nou 'n tyd van betreklike stilte ten weste van die Luluberge. Kommandant

... Ferreira..

---

(46) R3241/76, Kommandant Ferreira aan President Burgers, 11 November 1876; „De Volkstem", 18 November 1876, Gepubliseer na 'n onderhoud met I.C. Holtzhausen van die Uitvoernde Raad, wat net vanaf Middelburg opgedaag het; „De Volkstem", 25 November 1876, Berig van die koerant se spesiale korrespondent.
(47) „De Volkstem", 25 November 1876, Gepubliseer na 'n onderhoud met J. Potts en Luitenant Johnstone te Pretoria.
(48) „De Volkstem", 25 November 1876, Berig van die koerant se spesiale korrespondent.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ferreira maak hiervan gebruik om na Middelburg te gaan om te reël i.v.m. die betaling en voorsienig van sy Korps. Hy skryf ook nou in hierdie verband aan President Burgers en wys daarop dat die manskappe glad nog nie enige betaling ontvang het nie en dat daar ook werklik gebrek by hulle is. Verder wys hy daarop dat daar nog geen voorrade ontvang is sedert die Korps se aankoms by die fort nie. Die Kommandant wys daarop dat die regering nie sy deel van die voorwaardes nakom nie en dit sal veroorsaak dat die Vrywilligers begin voel dat hulle ook nie hulle deel van die voorwaardes hoef na te kom nie.(49)

Gedurende die afwesigheid van Kommandant Ferreira is die bevel van die Olifantsrivierfort en die Korps deur G. van Deventer oorgeneem.(50) Op 20 November 1876 het hy 'n patrollie van 13 manskappe gelei om naturelle vanaf die landerye te verjaag en waarnemings te doen. Hulle het al langs die voet van die Luluberge gegaan tot by die poort aan die Olifantsrivier en toe teruggekeer. Hulle vind dat tussen Magneethoogte en die Luluberge nog ses groot kafferkrale is. Toe hulle by die fort aankom, vind waarnemende Kommandant van Deventer dat sekere voorrade aangekom het.(51)

Op 5 Desember 1876 was Kommandant Ferreira alweer terug by die Olifantsrivierfort en hy besluit nou om defnitief hierdie fort te verlaat en 'n ander fort te gaan oprig en wel te Magneethoogte.(52) Hierdie plan om die Olifantsrivierfort te verlaat, het al 'n geruime tyd

... bestaan..

---

(49) R3327/76, Kommandant Ferreira aan President Burgers, Middelburg, 23 November 1876.
(50) R3385/76, Waarnemende Kommandant G. van Deventer aan President Burgers, 22 November 1876.
(51) Ibid.
(52) R3617/76, Kommandant Ferreira aan President Burgers, 5 Desember 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


bestaan. Die plan was om 'n ander fort te gaan oprig aan Magneethoogte. Die rede vir hierdie verandering is dat 'n fort te Magneethoogte 'n beter ligging het en dat daar dan makliker teen die vyand opgetree en meer skade aangerig sou kon word. Die Olifantsrivierfort sou dan in die hande van 'n 100-150 goedgesinde naturelle gelaat word onder die bevel van A. Ritter en 'n luitenant.(53) Soos reeds aangetoon het G. van Deventer gevind dat daar tussen Magneethoogte en die Luluberge nog ses groot kafferkrale is. Daar sou dus beter teen hierdie naturelle opgetree kon word.

Hierdie plan is ook deur President Burgers goedgekeur mits dit nie ekstra onkoste sou meebring nie.(54)

Die Olifantsrivierfort word nou op 5 Desember 1876 onder die bevel van A. Ritter gelaat. Die naturellewag sou deur Zebediela voorsien word. Intussen het Kommandant Ferreira 20 van sy Vrywilligers agtergelaat totdat die naturellewag sou opdaag.(55) Op dieselfde dag word daar verneem dat die ontsnapte Mathebi hom by Mameluke, 'n onderkaptein van Sekukuni, skuilhou.(56) Om Mameluke nou te straf, trek Kommandant Ferreira en 27 perderuiters teen hom op. Hulle vernietig sy tuine, dood meer as 20 naturelle en neem 7 vroue gevange. Hierdie aanval het plaasgevind nadat die Vrywilligers by Magneethoogte aangekom het en is in die nag van 5 Desember gedoen.(57)

... Daar..


---

(53) R3141/76, Kommandant Ferreira aan President Burgers, 4 November 1876.
(54) B.B.3132/76, President Burgers aan Kommandant Ferreira, 21 November 1876.
(55) „De Volkstem", 23 Desember 1876, Berig vanaf die koerant se spesiale korrespondent, 9 Desember 1876.
(56) R3616/76, J. Potts aan President Burgers, 3 Desember 1876.
(57) R3629/76, Kommandant Ferreira aan landdros Weeber van Middelburg, 8 Desember 1876; „De Volkstem", 23 Desember 1876, Berig vanaf die koerant se spesiale korrespondent, 9 Desember 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

R3659/76

# Sketch Plan of Fort Weeber constructed and garrisoned by the Middelburg Volunteers 15 Dec. 1876



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar is nou so vinnig moontlik aan die nuwe fort te Magneethoogte gewerk.(58) Die goedgesinde naturellehoofde het ruim voorsien aan arbeiders om te help in die oprigting van hierdie fort.(59) Op 15 Desember 1876 was die fort al sover voltooi dat die Vrywilligers dit op hierdie dag beset het.(60)

Hierdie fort aan Maagneethoogte is genoem Weebersfort, blykbaar na die landdros van Middelburg, O.C. Weeber.

Skaars was Weebersfort beset of nog 'n groot geveg vind plaas. Sekukuni het weereens besluit om direk tot die oorlog ten weste van die Luluberge toe te tree. Hy stuur 4000 manskappe om Mameluke en Sekka, altwee onderkapteins van Sekukuni, te kom help in hulle stryd teen die Middelburgse Vrywilligerkorps.(61) Omdat die burgers en Vrywilligers die naturelle ten weste van die Luluberge so lastig geval het, en Sekukuni hulle nie genoegsaam ondersteun het nie, het baie van hulle afvallig geword van Sekukuni. 'n Hele paar kapteins het selfs sover gegaan om by die Vrywilligers aan te sluit en wapens teen hulle eertydse kaptein op te neem. Aan die einde van 1876 was dit nog net Mameluke en Sekka wat nog uitgehou het teen die Middelburgse Vrywilligerkorps.(62)

Met ongeveer 50 perderuiters en 'n duisend naturelle van Magali, Marishani, Maserumule en Ranto word daar

... op..

---

(58) Ibid.
(59) „De Volkstem", 23 Desember 1876.
(60) R3689/76, Kommandant Ferreira aan President Burgers, 15 Desember 1876. Sien aangehegte sketsplan van Weebersfort.
(61) R3703/76, Kommandant Ferreira aan President Burgers, 19 Desember 1876; „De Volkstem", 23 Desember 1876, Gepubliseer na 'n persoonlike onderhoud met Luitenant G. van Deventer, wat met Ferreira se afwesigheid waarnemende Kommandant was, en ene Redpath, 'n Vrywilliger. Albei was op besoek in Pretoria.
(62) T.S. van Rooyen, p. 268.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


op 18 Desember 1876 teen Mameluke en Sekka uitgetrek. Eers val die naturellebondgenote vir Sekka aan, maar word teruggedryf. Kommandant Ferreira maak nou asof hy en sy manskappe ook terugval en lok sodoende die vyand uit hulle skuilings. Daarna val die Vrywilligers aan en verdryf Sekka se naturelle tot verby Mameluke se stat en dood 50 van hulle. Hierna word Mameluke se stat afgebrand en baie koring verwoes. Die perde was baie moeg anders sou Sekka se stat ook afgebrand gewees het.(63) Luitenant van Deventer loop nou 1500 van Sekukuni se eie manskappe raak en jaag hulle vir twee myl die berge in.(64) Hierdie Luitenant van Deventer en Waarnemende Kommandant van Deventer is dieselfde persoon.

Dit lyk dus nie asof Sekukuni se manskappe nog veel begeerte gehad het om in 'n geveg betrokke te raak met die Middelburgse Vrywilligerkorps nie. As mens ook dink aan die groot neerlaag wat hulle op 9 Desember gelei het, is dit nie verbasend nie. Daar breek ook nou 'n tyd van betreklike stilte ten weste van die Luluberge aan. Die Vrywilligers wou ook graag rus oor die Kersfees en die Nuwejaar.(65) Op Kersdag is daar feesgevier. Daar is 'n lotery gehou, 'n prysskiet vir 'n koei, 'n skietkompetisie tussen die twee kanonne en 'n algemene sportbyeenkoms. Daarna het almal deelgeneem aan 'n eetmaal.(66)

Teen hierdie tyd het die oorlog al sy einde begin nader. Sekukuni het teen hierdie tyd al besef dat die

... toestand..

(63) R3703/76, Kommandant Ferreira aan President Burgers, 19 Desember 1876; „De Volkstem", 23 Desember 1876, Gepubliseer na 'n persoonlike onderhoud met Luitenant van Deventer en Redpath.
(64) „De Volkstem", 23 Desember 1876.
(65) R82/77, Kommandant Ferreira aan President Burgers, 2 Januarie 1877.
(66) „De Volkstem", 13 Januarie 1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



toestand vir hom hopeloos geword het en het aan die begin van Desember 1876 al vredesonderhandelinge begin tref.(67) Dit sou nou nie meer lank wees voordat die vrede gesluit word nie.

Op 14 Januarie 1877 het Kommandant Ferreira Weebersfort tydelik verlaat om op die Vredeskommissie te dien.(68) G. van Deventer was nou weer in bevel van Weebersfort. Alhoewel vredesonderhandelinge al aan die gang was, tree hy nogtans teen die vyand op. Op 29 Januarie 1877 trek hy met 'n patrollie van 13 man uit teen Matok aan die Luluberge. Hulle slaag daarin om 8 beeste te buit. Die naturelle het geen noemenswaardige weerstand gebied nie. Op 30 Januarie word Matok weer aangeval met 60 man en 'n 500 naturelle. Daar word ook 'n kanon saamgeneem en die word 800 treë vanaf Matok se stat opgestel. Daarna word aangeval en die stat aan die brand gesteek. Vrywilliger L. Impey word in hierdie aanval swaar gewond (Hy sterf later op pad na Middelburg). Meer as 40 van die vyand word in hierdie aanval gedood. Op pad terug na die fort word daar met die kanon op Mameluke se stat gevuur.(69)

Op 7 Februarie word daar alweer opgetree. 'n Patrollie van 54 Vrywilligers en 500 naturelle met albei die kanonne, is uit op 'n patrollietog teen Panama. Daar word die nag tot ongeveer 800 treë vanaf die vyand se skanse getrek en hier word die kanonne opgestel. Met dagbreek word aangeval. Na 'n aanvanklike sukses, gaan daar iets met die reëlings verkeerd en die kanonne skiet

... op..

---

(67) T.S. van Rooyen, p. 273.
(68) „De Volkstem", 3 Maart 1876, Gepubliseer na aanleiding van 'n skrywe van Kommandant Ferreira, J.H. Coetzee (ook van die Vredeskommissie) en G. Redpath.
(69) R554/77, G. van Deventer aan President Burgers, 1 Februarie 1877; „De Volkstem", 17 Februarie 1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



op hulle eie mense. Daar word dus nou teruggeval. Twee statte is egter aan die brand gesteek, 63 van die vyand gedood asook 'n paar naturellevrouens. Aan die aanvallers se kant is slegs 3 naturelle gedood en 9 gewond. Daar is ook 455 bokke en skape gebuit. Die meeste van hierdie gebuite vee, word aan die naturellebondgenote gegee omdat hulle so goed geveg het.(70)

In hierdie laaste dae van die oorlog was die voorradetoestand baie swak. Die Vrywilligers was al 17 dae sonder enige meel. Ook was daar ontevredenheid oor die nie-betaling van salarisse. Dan was die perde ook in 'n baie swak toestand.(71)

Op 11 Februarie is daar alweer 'n patrollie uitgestuur. Met 15 man word Mameluke aangeval. Slegs 3 narelle word gedood en 'n aantal vrouens gevang. Geen vee word gevind nie. Kommandant Ferreira onderteken self die berig van hierdie geveg. Hy was dus al terug in Weebersfort.(72)

Hierdie was die laaste optrede van die Middelburgse Vrywilligerkorps teen die vyand. Die vredesonderhandelinge was al ver gevorder. Die voorwaardes moes nog net deur Sekukuni self goedgekeur word. Dit sou 'n paar dae later wel gebeur. Voordat Sekukuni sy goedkeuring aan die vredesvoorwaardes geheg het is die Middelburgse Vrywilligerkorps egter in kennis gestel om alle vyandelikhede te staak. Dit geskied op 7 Februarie 1877 maar die berig het die Vrywilligers natuurlik eers 'n tydjie later bereik.(73)

---

(70) R658/77, Waarnemende Kommandant van Deventer aan President Burgers, 10 Februarie 1877.
(71) Ibid.
(72) R788/77, Kommandant Ferreira aan President Burgers, 12 Februarie 1877.
(73) B.B.462/77, President Burgers aan Kommandant Ferreira, 7 Februarie 1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK III.

## Die Lydenburgse Vrywilligerkorps en die Oorlog teen Sekukuni.

In die eerste hoofstuk is daarop gewys dat die afdeling van die leër, wat onder President Burgers gestaan het, in die rigting van Lydenburg beweeg het. By die sameloop van die Steelpoort- en Spekboomrivier het die President toe 'n fort laat oprig (slegs gedeeltelik voltooi) en hierdie fort laat beman deur Kaptein Otto Riedel en 'n paar manskappe van die Staatsartillerie, sowel as deur 'n sestigtal Heidelbergers.

Hierdie fort aan die Steelpoortrivier was bekend as Burgersfort, blykbaar vernoem na die persoon verantwoordelik vir die oprigting daarvan, naamlik President Burgers.

Burgersfort is op 'n gelykte teenaan die Steelpoortrivier gebou. Hierdie gelykte is aan alle kante deur berge omsluit. Aan die regterkant was uitloopsels van die Luluberge en aan die linkerkant was die Moroneberg geleë, terwyl die Steelpoortrivier al langs die voet van laasgenoemde berg gevloei het. Die gelykte waarop die fort gebou was het na die Suide opwaarts gestyg en uitgeloop in die vrugbare vallei van Umsoet wat verderaan by Magneethoogte doodgeloop het. Aan die Noordekant, twaalf myl vanaf die fort, het Dwarsberg die weg versper. Die enigste uitgangspunte was Olifantspoort en Kromkloof na die Ooste.(1)


Alfred Aylward, 'n latere bevelvoerder van die Lydenburgse Vrywilligerkorps, gee ook 'n goeie beskrywing van die fort self. Hy skryf: "...a six-angled enclosure

... about..

(1) Alfred Aylward, p. 59-60. Dit kom voor asof die skrywer met regs oos bedoel en met links wes.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

R2363/76.
(Aftrekkopie)



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



about thirty yards wide, having a ditch, drawbridge, parapet, and platform. This did not take long to build. From its easterly (hy het die rigting 'n bietjie verwar) angles were run out two long curtain-walls, enclosing what is known as a 'kraal' for cattle and horses. These curtain-walls were protected by the fire of the angles from whence they sprang. The kraal or cattle-enclosure had its own gateway and drawbridge. At the end of the kraal furthest from the angular fort, was a sort of irregular redoubt, with a deep ditch and mud walls, defended by the thorns of the country laid along the parapet."(2) Hierdie beskrywing kom baie goed ooreen met die aangehegte skets van Burgersfort, ingestuur saam met 'n rapport deur Kaptein Riedel op 8 September 1876. Die kraal het egter meer na die Noorde gewys. Die beskrywing van Aylward is eers baie later gedoen.

Terwyl Burgersfort tydelik deur die Heidelbergers en ook deur lede van die Staatsartillerie beset was, het Kaptein von Schlickmann begin om Vrywilligers vir sy Korps te werf. Soos reeds aangetoon is, het hy binne 'n kort tydjie reeds 46 Vrywilligers in die Transvaal kon werf.

Met hierdie eerste groep is Kaptein von Schlickmann dadelik na Burgersfort. Op pad het die vyand hulle aangeval, maar die aanval is afgeslaan en almal het die fort veilig bereik.(3) By die fort aangekom, het hulle 'n aantal patrollies teen die vyand onderneem en daarin geslaag om minstens 8 naturellekrale te vernietig.(4)

... Omdat..

---

(2) Alfred Aylward, p. 58.
(3) Alfred Aylward, p. 61.
(4) „De Volkstem", 9 September 1876, Byvoegsel, Gepubliseer na 'n persoonlike onderhoud met Kaptein von Schlickmann wat toe in Pretoria was.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Omdat Kaptein von Schlickmann na Pretoria moes gaan om getuienis af te lê voor 'n kommisie van ondersoek oor die oorlog teen Sekukuni en ook omdat hy verdere pogings moes aanwend om meer Vrywilligers te werf, verlaat hy nou die fort. Dit gebeur op 28 Augustus 1876 en hy laat Kaptein Otto Riedel tydelik in bevel.(5) Kaptein von Schlickmann was dus maar 'n baie kort tydjie in die fort en sou nou vir 'n geruime tyd afwesig wees.

In hierdie tyd, terwyl Kaptein Riedel in bevel was, kon daar nie te veel gedoen word om teen die vyand op te tree nie. Die rede hiervoor was 'n groot tekort aan perde. Op 8 September 1876 was daar 45 Vrywilligers, 3 artilleriste en 16 burgers in die fort. Daar was dus 64 blankes en ook nog 14 naturelle in Burgersfort. Daar was egter slegs 24 perde in die fort. Hiervan was 3 onbruikbaar. Dus, vir die 64 blankes was daar slegs 21 perde. Kaptein Riedel wys daarop dat hierdie tekort aan perde die rede was dat daar geen optrede teen die vyand gedoen is nie. Al wat gedoen kon word, was om die verbindingslinie met Lydenburg oop te hou.(6) Dit is treffend dat selfs die burgers in die fort nie almal perde gehad het nie. Hierdie gebied was natuurlik baie ongesond vir perde.

Die posisie van die opgekommandeerde burgers is nie baie duidelik nie. Met die oprigting van Burgersfort was daar 'n sestigtal Heidelbergers in die fort. In sy reedsvermelde verslag wys Kaptein Riedel egter daarop dat Veldkornet Malan en 15 burgers, afkomstig van Komati, vir Veldkornet Vosloo en sy manskappe op 31 Augustus kom aflos het. Hoeveel manskappe Veldkornet Vosloo onder hom gehad het en vanwaar hulle afkomstig was, word nie

... aangedui..

---

(5) R2363/76, Rapport van Kaptein Riedel, 28 Augustus tot 8 September 1876.
(6) Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangedui nie. Dit wil voorkom asof die Heidelbergers net gebly het tot die aankoms van die eerste groep Vrywilligers en toe die fort verlaat het. Daarna het kleiner afdelings gekommandeerde burgers die fort vir 'n tyd help beset om dan weer afgelos te word deur 'n ander afdeling burgers. Dit kom ook voor asof elke afdeling vir ses weke moes bly voordat hulle afgelos is. Dit was die geval met Veldkornet Malan en sy manskappe. Nadat hulle ses weke in die fort was het hulle toestemming gekry om die fort te kan verlaat aangesien hulle tyd verstreke is.(7)

Teen 16 September het die toestand nog nie veel verander nie. Daar is egter 'n paar patrollies uitgestuur en vir 'n afstand van 6 tot 10 myl rondom die fort kon daar geen spoor van vyandelike naturelle gevind word nie. Op een van hierdie patrollies is 'n klein kraaltjie Suidwes van die fort afgebrand. Dan is daar voortgegaan om verder aan die fort te bou aangesien dit slegs gedeeltelik voltooi was. Luitenant Knapp en 9 manskappe was ook uit die fort afwesig aangesien hulle die voorradewaens te Krugerspost moes gaan ontmoet. Saam met hulle was daar nou 46 Vrywilligers, 3 artilleriste en 16 gekommandeerde burgers in die fort - 'n totaal van 65. Daar was nou slegs 20 perde.(8) Op 16 September 1876 het Luitenant Knapp en sy manskappe met die voorradewaens by die fort aangekom.(9) Tot sover was die voorrade heeltemal voldoende en almal was blykbaar tevrede.

Op 20 September het Luitenant Knapp en 10 manskappe op 'n verkenningstog na die Suide vertrek. Hulle het heeltemal rondom die Moroneberg gegaan. Op hierdie

... patrollie..

---

(7) L.L., Brieweboek, September 1875 tot November 1876, Deel 21, Landdros Cooper van Lydenburg aan Kaptein Riedel, 11 Oktober 1876.
(8) R2451/76, Rapport van Kaptein Riedel, 9 tot 16 September 1876.
(9) R2632/76, Rapport van Kaptein Riedel, 16 tot 29 September 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


patrollie loop hulle 5 naturelle, een naturellevrou en 'n naturelleseun raak. Hierdie groepie het egter op die vlug geslaan en daar is toe op hulle gevuur. Twee word doodgeskiet en een naturel en die vrou word gevang. Hulle het sekere briewe by hulle gehad en dit het voorgekom asof hulle pos vervoer het vanaf die Goudvelde na Sekukuni.(10) Die naturel was ene Andries, een van Johannes se vernaamste raadgewers. By hom het hy 'n paar uitgawes van die „Gold FieldsMercury" gehad sowel as 'n paar briewe in syferskrif. Hierdie briewe het bewys dat daar 'n korrespondensie was tussen persone op die Goudvelde en Sekukuni.(11) Hierdie gevangenis is op 21 September deur Luitenant Kirkman na die Landdros van Lydenburg geneem.(12) Die regering was baie tevrede met hierdie gevangeneming en het Luitenant Knapp gelukgewens met sy optrede.(13)

Nie lank na hierdie voorval nie, word daar weer 'n patrollie uitgestuur. Op 25 September 1876 het Luitenant Knapp met 4 manskappe al langs die Steelpoortrivier af vertrek met die doel om sekere nuutgeboude krale te gaan vernietig. Op die 27ste het Luitenant Kirkman en 8 manskappe in dieselfde rigting vertrek om die terugtog van die eerste groep te kan dek. Hierdie hele optrede was suksesvol en die krale is vernietig.(14)

Wat baie treffend was, is dat met die uitstuur van die verskillende patrollies daar geen vyandelike naturelle teengekom word nie. Almal het hoog in die berge rondom Burgersfort skuiling gehou en nie gewaag om met die

... bemanning..

---

(10) Ibid en R2542/76, Kaptein Riedel aan President Burgers, 20 September 1876.
(11) „De Volkstem", 7 Oktober 1876.
(12) R2632/76, Rapport van Kaptein Riedel, 16 tot 29 September 1876.
(13) B.B.2283/76, Staatssekretaris Swart aan Kaptein Riedel, 3 Oktober 1876.
(14) R2632/76, Rapport van Kaptein Riedel, 16 tot 29 September 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bemanning van die fort in 'n geveg betrokke te raak nie.(15)

Verder is daar steeds voortgegaan met die bou van die fort. Op Vrydag, 29 September 1876, was die fort en die kraal heeltemal voltooi. Op hierdie tydstip was daar 78 Vrywilligers, artilleriste en burgers in die fort. Die getal burgers het gestyg van 16 na 25. Die getal perde het gestyg na 37.(16)

Hierdie styging in die getal burgers het gekom a.g.v. die optrede van Landdros Cooper van Lydenburg. Hy het op 2 September aan die Veldkornet van Komati geskryf om die burgers in die fort aan te vul tot die vereiste getal van 30.(17) Hieraan is gedeeltelik gehoor gegee, en die getal burgers is vermeerder maar slegs tot 25.

Nou, skielik en onverwags, verander die hele posisie. Op 29 September 1876 word die fort deur Umsoet se onderdane aangeval.(18) Om tien voor nege kom 'n sterk naturellemag vanuit die berge in die Suide op 'n strooptog om die beeste en perde van die fort te roof en slaag daarin om hulle weg te voer. Luitenante Knapp en Kirkman, asook 27 Vrywilligers, volg hulle nou te voet in 'n poging om die beeste en perde weer terug te kry. Net nadat hulle die fort verlaat het, val 'n paar honderd ander naturelle die fort vanuit die Noorde aan. Sake sou maar sleg verloop het vir die bemanning van Burgersfort as dit nie vir die kanon was nie. Deur aanhoudend daarmee te vuur, word daarin geslaag om die aanvallers terug te dryf en hulle sodoende van die fort weg te hou. Uit vrees vir die kanon het die vyandelike naturelle dit nie nader as

... 1500..

(15) Ibid.
(16) Ibid.
(17) L.L., Brieweboek, September 1875 tot November 1876, Deel 21, Landdros Cooper aan die Veldkornet van Komati, 2 September 1876.
(18) Alfred Aylward, p. 62.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1500 treë aan die fort gewaag nie. Intussen word daarin geslaag om die perde terug te kry. Kaptein Riedel beveel nou 'n aantal gekommandeerde burgers om die perde te bestyg en die vyand agterna te sit met die doel om die beeste terug te kry. Hierdie burgers weier egter om die fort te verlaat. 'n Aantal Vrywilligers het toe hulle plekke ingeneem. Met die uitsondering van 8 osse is niks meer terug gevind nie. Altesaam het die vyand 46 osse in die hande gekry. Teen half-elf was almal weer terug in die fort.(19)

Die enigste ongevalle was Luitenant Knapp en Vrywilliger Robus. Knapp, Robus en Vrywilliger Richneissen het afgedwaal van die ander en is toe oorval. Robus is deur die longe geskiet maar hy en Richneissen het daarin geslaag om weer die fort te bereik. Knapp het egter verdwyn. Op 'n latere soektog dieselfde dag is net sy patroontas en 'n brief, wat hy by hom gehad het, gevind. Van homself is geen verdere spoor gevind nie. Dit het voorgekom asof hy gevange geneem is.(20) Vrywilliger Robus is dieselfde nag nog oorlede.(21)

Hierdie skynbare gevangeneming van Luitenant Knapp het groot opskudding verwek en Kaptein Riedel het instruksies gekry om hom te probeer uitruil.(22) Volgens 'n latere berig vanaf Johannes se stat het dit egter geblyk dat Knapp nie lewendig gevang is nie, maar gesneuwel het.(23) Sy lyk is daarna na Sekukuni geneem waar dit aan stukke gekap is.(24)

... Oor..

---

(19) R2589/76, Kaptein Riedel aan President Burgers, 30 September 1876; „De Volkstem", 7 Oktober 1876.
(20) Ibid.
(21) R2724/76, Kaptein Riedel aan President Burgers, 5 Oktober 1876.
(22) B.B.2283/76, Staatssekretaris Swart aan Kaptein Riedel, 3 Oktober 1876.
(23) R2929/76, Landdros Cooper van Lydenburg aan President Burgers, 25 Oktober 1876.
(24) „De Volkstem", 4 November 1876, Berig van die koerant se spesiale korrespondent, 25 Oktober 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Oor die vyand se ongevalle is daar min gegewens. Deur ene Crane, 'n boodskapper vanaf Burgersfort, word dit gestel op 30 gesneuwel. Kaptein Riedel het dit egter geskat op ongeveer 100 gesneuweldes.(25) Hierdie getalle kom egter bietjie oordrewe voor, aangesien daar nie te veel werklike gevegte was nie. Uit vrees vir die kanon het die naturelle meesal ver van die fort af gebly.

Na hierdie aanval op 29 September 1876, was die toestand gladnie te gunstig nie. Kaptein Riedel beskryf die posisie soos volg: Hy wys daarop dat die moreel van die Vrywilligers gladnie goed was nie. Hy skryf dit daaraan toe dat die verskyning van so baie vyandelike naturelle tegelyk hulle vertroue laat daal het. Ook was die voorradetoestand swak en alles is nog vererger deur die feit dat die betaling van salarisse nie geskied het soos belowe is nie. Die vyand kon hulle boonop skuilhou rondom Burgersfort en die bedekking van bosse en bome maak dit vir hulle moontlik om tot op 200 treë van die fort te kom. Gevolglik moes die perde en beeste gedurig opgepas word. Dan wou die gekommandeerde boere, die fort eenvoudig verlaat. Kaptein Riedel het toe gedreig om op hulle met die kanon te skiet sodra hulle dit doen. Hierdie dreigement het hulle toe van plan laat verander.(26) Alhoewel die fort omring was deur die vyand, was die omsingeling tog baie oneffektief aangesien boodskappers sonder te veel gevaar kon slaag om deur te kom.(27)

Die voorrade van die fort het Kaptein Riedel nou baie bekommernis veroorsaak. Volgens hom sou die voor-

... rade..

---

(25) „De Volkstem", 7 Oktober 1876.
(26) R2724/76, Kaptein Riedel aan President Burgers, 5 Oktober 1876.
(27) „De Volkstem", 21 Oktober 1876, Gepubliseer volgens inligting verkry uit 'n privaatbrief vanaf Burgersfort, 9 Oktober 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



rade net kon hou tot 16 Oktober 1876.[28] Hy beraam dus nou die plan om Burgersfort te ontruim indien voorrade nie voor 12 Oktober sou opdaag nie. Die plan was om die ammunisie in die rivier te gooi, die fort in die lug te laat spring en dan die aftog na Lydenburg te blaas.[29]

Die voorradeposisie was altyd 'n bron van kommer vir Kaptein Riedel. Reeds op 30 Augustus het hy hieroor geskryf en daarop aangedring dat die voorrade vooruit gestuur moes word. Ook het hy daarop gewys dat die betaling van die Vrywilligers gereeld op die 15de van elke maand moet wees. [30] Wat die kosvoorrade betref, het die regering egter sy deel gedoen, want teen 20 September was die fort goed voorsien.[31] Hierdie voorrade was vir die tydperk eindigende 16 Oktober 1876.[32]

Kaptein Riedel was miskien 'n bietjie haastig om op 5 Oktober al te begin dink aan die ontruiming van die fort weens gebrek aan voorrade. Hy het nog geen rede gehad om aan te neem dat voorrade nie sou aankom nie. Ook was die omsingeling van die fort van so 'n aard dat boodskappers kon deurkom. Voorrade sou dus ook tog kon deurkom na Burgersfort.

Wat die betaling van die Vrywilligers se salarisse betref het sake nie te vlot gegaan nie. Op 1 Oktober kla Kaptein Riedel hieroor.[33] Daar is wel op 13 September £150 aan die landdros van Lydenburg gestuur vir die

... betaling..

---

(28) R2724/76, Kaptein Riedel aan President Burgers, 5 Oktober 1876; R2731/76, Kaptein Riedel aan Landdros Cooper van Lydenburg, 5 Oktober 1876.
(29) R2731/76, Kaptein Riedel aan Landdros Cooper van Lydenburg, 5 Oktober 1876.
(30) R2304/76, Kaptein Riedel aan Landdros Cooper van Lydenburg, 30 Augustus 1876.
(31) L.L., Brieweboek, September 1875 tot November 1876, Deel 21, No. 685 Landdros Cooper van Lydenburg aan President Burgers, 20 September 1876.
(32) L.L., Brieweboek, September 1875 tot November 1876, Deel 21, No. 643, Landdros Cooper van Lydenburg aan Kaptein Riedel, 11 September 1876.
(33) R2631/76, Kaptein Riedel aan President Burgers, 1 Oktober 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



betaling van die Vrywilligers.(34) Hierdie bedrag is ook dan gestuur aan die Vrywilligers as gedeeltelike betaling vir die tydperk eindigende 15 September. Kaptein Riedel moes dan laat weet hoeveel elkeen nog moes kry aangesien daar voorheen voorskotte gegee is, en dan sou die res aangesuiwer word.(35) Eers teen 16 Oktober het die Vrywilligers weer 'n bedrag ontvang naamlik £35-13. Dit was vir die agterstallige gelde tot 15 September.(36) Wat die betaling van salarisse betref was daar dus wel rede vir ontevredenheid.

Op 11 Oktober 1876 word Landdros Cooper nou skielik afgedank omdat hy nie die geld bestee het soos hy moes nie, naamlik eerstens om die salarisse van die Vrywilligers te betaal.(37) G.A. Roth is in sy plek aangestel as Waarnemende Landdros.(38) Hierdie afdanking van Cooper, en veral die rede daarvoor aangegee, strook nie heeltemal met die feite nie.

Voor sy afdanking slaag Landdros Cooper nog daarin om die nodige voorrade aan Burgersfort te stuur. Hierdie voorrade is op 9 Oktober uit Lydenburg weg en moes deur die Vrywilligers ontmoet word om dit deur die meer gevaarlike dele te begelei.(39) Hierdie voorrade het op 14 Oktober by die fort aangekom en die posisie was dus

... gered

---

(34) B.B.2135/76, Stiemens aan Landdros Cooper van Lydenburg, 13 September 1876.
(35) L.L., Brieweboek, September 1875 tot November 1876, Deel 21, No. 661, Landros Cooper aan Kaptein Riedel, 18 September 1876.
(36) L.L., Brieweboek, September 1875 tot November 1876, No. 766, Waarnemende Landdros G. Roth aan Kaptein Riedel, 16 Oktober 1876.
(37) B.B.2509/76, President Burgers aan Landdros Cooper van Lydenburg, 11 Oktober 1876.
(38) L.L., Brieweboek, September 1875 tot November 1876, Deel 21, No. 780, Waarnemende Landdros Roth aan President Burgers.
(39) L.L., Brieweboek, September 1875 tot November 1876, Deel 21, No. 737, Landdros Cooper van Lydenburg aan Kaptein Riedel, 6 Oktober 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


gered.[40] Ook is die fort in hierdie tyd baie versterk teen aanvalle aangesien die verskansings met twaalf duim verhoog is.[41]

Die Vrywilligers se getalle is ook nou versterk deur die aankoms van 11 manskappe vir die Korps. Daar is nou toestemming verleen aan 15 gekommandeerde burgers om na hulle huise te gaan. Daar was nou 65 blankes in die fort waarvan slegs 9 gekommandeerde burgers was. Daar was nou maar slegs 14 perde.[42] Op 16 Oktober 1876 is aan die ander burgers toestemming verleen om ook die fort te verlaat.[43]

Op dieselfde dag wat die laaste groep gekommandeerde burgers die fort verlaat het, het drie Vrywilligers na Lydenburg gegaan om die pos te vervoer. Op pad is hulle aangeval en C. Doane is deur die kop geskiet. Die ander twee het ontsnap en na die fort teruggekeer.[44] Hulle is oorval by Olifantspoort. Dieselfde dag is die lyk gaan haal en die was vreeslik vermink. Doane se geweer en geld was ook weg.[45] 'n Latere berig beweer dat hy te Klipkloof gedood is.[46]

Op 20 Oktober 1876 het P. Minnaar en 50 manskappe by Burgersfort aangekom. Hulle was op 'n tog teen die vyandelike naturelle en het by die fort kom oorbly. Daar was ook nou 55 Vrywilligers en artilleriste in die fort en slegs 9 perde. Alle gekommandeerde perde is aan

... hulle..

(40) R2841/76, Kaptein Riedel aan President Burgers, 14 Oktober 1876.
(41) R2725/76, Kaptein Riedel aan President Burgers, 9 Oktober 1876.
(42) R2841/76, Kaptein Riedel aan President Burgers, 14 Oktober 1876.
(43) R2918/76, Rapport van Kaptein Riedel, 21 Oktober 1876.
(44) Ibid.
(45) „De Volkstem", 4 November 1876, Berig van die koerant se spesiale kooreespondent, 23 Oktober 1876.
(46) „De Volkstem", 4 November 1876, Berig van die koerant se spesiale korrespondent, 25 Oktober 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hulle eienaars teruggestuur en gevolglik was daar nou so min perde.(47) Hierdie getal sluit natuurlik nie die perde van die besoekende burgers in nie. Hierdie burgers het net 'n paar dae gebly en is toe weer weg. Op pad terug het hulle langs die Spekboomrivier gagaan en 'n groot kraal aangeval en 16 van die vyand gedood en 'n aantal bokke buitgemaak. Ook het hulle nog baie ander skade aangerig.(48)

P. Minnaar het die rang van Kommandant beklee. Hy is deur President Burgers gestuur om bevel te voer oor sekere gekommandeerde burgers wat moes help om Lydenburg te bewaak. Dit wil voorkom of dit dieselfde persoon is as Kommandant P.C. Minnaar, die eerste bevelvoerder van die Olifantsrivierfort.(49)

Nou, op 22 Oktober 1876, keer Kaptein von Schlickmann weer terug na Burgersfort.(50) Die rekrutering vir die Lydenburgse Vrywilligerkorps was nou verby en hy kon weer sy aandag aan die oorlog teen Sekukuni gee. Die Vrywilligers wat hy gaan werf het sou egter eers oor 'n paar weke by Burgersfort opdaag.

Na sy aankoms stel Kaptein von Schlickmann 'n rapport op oor toestande in Burgersfort. Hy wys daarop dat die voorrade byna uitgeput was. Dan gee hy 'n volledige opgaaf van wat nodig was vir een maand. Verder vra hy vir gesoute perde, aangesien ander perde nie in die wêreld aard nie. Hy wys ook daarop dat £2 per man kortkom op elkeen se salaris en spreek die hoop uit dat salarisse

... in..

---

(47) R2918/76, Rapport van Kaptein Riedel, 21 Oktober 1876.
(48) „De Volkstem", 2 Desember 1876, Berig van die koerant se spesiale korrespondent, 17 November 1876.
(49) R2382/76, President Burgers en Staatssekretaris Swart aan die landdros van Lydenburg, 3 Oktober 1876.
(50) „De Volkstem", 2 Desember 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in die toekoms gereëld betaal sou word aangesien die Vrywilligers anders baie ontevrede sou raak. Hy gaan voort deur gewere, ammunisie, handgranate, 'n paar kanonne, bajonette en medisyne aan te vra. Ook wys hy daarop dat daar net 18 naturelle in die fort is. Ten laaste wys hy daarop dat daar nie opgetree kon word teen die vyand alvorens die ander Vrywilligers opgedaag het nie. Almal was egter begerig om slaags te raak met die vyand.(51)

In die tydperk net voor en na die aankoms van Kaptein von Schlickmann was daar absoluut geen optrede teen die vyand nie. Daar was natuurlik die gebrek aan perde wat enige optrede moeilik gemaak het. Ook was daar blykbaar geen plan om op te tree totdat die groep Vrywilligers vanaf die Diamantvelde opgedaag het nie.

Die voorradetoestand het in hierdie tyd 'n baie gunstige wending geneem. Op 25 Oktober en weer op 3 November het daar 'n hele aantal waens vol provisie aangekom. Hierdie waens is begelei deur gekommandeerde burgers.(52) So gunstig het die posisie geword dat Landdros Roth op 8 November 1876 kon rapporteer dat die fort goed voorsien was en dat hy nog voorrade op hande het.(53)

Uiteindelik, op 13 en 14 November 1876, daag die ander gewerfde Vrywilligers op en nou eers was die Lydenburgse Vrywilligerkorps op volle sterkte. Saam met hierdie Vrywilligers kom ook nog 9 waens vol voorrade en benodighede.(54) Die regering het dus, sonder enige twyfel, daarin geslaag om die voorradetoestand opgelos te kry.

... Nou..

---

(51) R3028/76, Rapport van Kaptein von Schlickmann, 30 Oktober 1876.
(52) „De Volkstem", 2 Desember 1876, Berig van die koerant se spesiale korrespondent, 17 November 1876.
(53) L.L., Brieweboek, September 1875 tot November 1876, Deel 21, No. 886, Landdros Roth van Lydenburg aan President Burgers, 8 November 1876.
(54) „De Volkstem", 2 Desember 1876, Berig van die koerant se spesiale koorrespondent, 17 November 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Nou word daar daadwerklik teen die vyand opgetree. Kaptein von Schlickmann lei, op 17 November 1876, 'n aanval teen die vyand. Die aanval was gerig teen sekere gefortifiseerde krale ongeveer 9 myl vanaf Burgersfort en geleë in Mahera se kloof. Die aanvalsmag het bestaan uit Kaptein von Schlickmann en sy staf, 30 perderuiters onder Luitenant Bayley en 56 voetsoldate onder Luitenante Kirkman en O'Donnell. Ook was daar nog 26 naturelle onder Windvogel en Kameel. Hierdie naturellemag het gestaan onder die bevel van 'n blanke sersant. Aylward en die ander Vrywilligers het in die fort agtergebly. Die vyand was in 'n sterk, natuurlike vesting, versterk deur skanse. Luitenant Kirkman en die voetsoldate het die aanval ingelei maar baie sterk weerstand ondervind. Hierop gee hy nou die bevel om terug te val. Kaptein von Schlickmann het hom egter beveel om weer aan te val. Dit is gedoen. Gelyktydig met hierdie tweede aanval lei Kaptein von Schlickmann die perderuiters. Daar is van kraal tot kraal gevorder tot by 'n nou kloof. Hier is Kaptein von Schlickmann dodelik verwond. Die hele aanval het as gevolg hiervan tot 'n einde gekom alhoewel die verwonde Kaptein aangedring het dat daar verder aangeval moes word. Luitenant Kirkman het egter beveel dat daar teruggetrek moes word. Kaptein von Schlickmann is oorlede voordat Burgersfort bereik is. Daar was ook 5 ander Vrywilligers verwond, een waarvan die volgende dag oorlede is. Die vyand se ongevalle is geskat op tussen 30 en 60 gedood. Ook is daar gemeen dat ongeveer 200 hutte afgebrand is.(55) Sekukuni het later aan Merensky gesê dat daar net 8 van sy mense

... gedood..

(55) R3308/76, Aylward aan President Burgers, 18 November 1876; R3346/76, Aylward aan President Burgers, 20 November 1876; R3310/76, G. Woodfor aan President Burgers, 18 November 1876; „De Volkstem", 25 November 1876, 2 Desember 1876, 16 Desember 1876; Alfred Aylward, p. 81.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gedood is in hierdie aanval.(56)

Na die dood van Kaptein von Schlickmann het Alfred Aylward, as Adjudant, voorlopig die bevel oorgeneem. Daar was egter geen sekerheid oor wie die bevel moes oorneem nie.(57) Daar was 'n stryd tussen Aylward en Luitenant Kirkman oor wie bevelvoerder van die Lydenburgse Vrywilligerkorps sou word. Die saak kon nie opgelos word nie en nou word Luitenant Kirkman en 'n Adjudant gestuur om die saak voor President Burgers te gaan lê. Hulle vind hom in Potchefstroom en nou word besluit om tog die saak in die hande van die Vrywilligers self te laat.(58) Die keuse het toe op Alfred Aylward geval en Landdros Roth het hom toe gaan insweer as Kaptein van die Lydenburgse Vrywilligerkorps en as Kommandant van Burgersfort. Kaptein Riedel is ook aangewys as Aylward se opvolger indien laasgenoemde sou sneuwel of om een of ander rede nie die bevel sou kon voer nie.(59)

Alfred Aylward het nou sy staf gereorganiseer en wel soos volg: Otto Riedel as Kaptein van die Artillerie, T.L. White, P.B. Bayley en O. von Steitencorn as Luitenante met White as die seniorluitenant en Adjudant.(60) Luitenant Kirkman het dus sy rang verloor met hierdie reorganisasie.

Die Lydenburgse Vrywilligerkorps het nou bestaan uit

... 108..

---

(56) „De Volkstem", 30 Desember 1876, Berig van die koerant se spesiale korrespondent te Weebersfort, 12 Desember 1876.
(57) R3346/76, Aylward aan President Burgers, 20 November 1876; L.L., Brieweboek, Deel 22, No. 29, Landdros Roth van Lydenburg aan President Burgers, 21 November 1876.
(58) „De Volkstem", 2 Desember 1876.
(59) L.L., Brieweboek, Deel 22, No. 85, Landdros Roth van Lydenburg aan Staatssekretaris Swart, 6 Desember 1876.
(60) R357/77, Aylward aan President Burgers, 21 Januarie 1877; In „The Transvaal of Today", p. 81 noem Aylward dat hy vir G. Eckerley ook as 'n luitenant aangestel het. In sy skrywe aan President Burgers maak hy egter nie melding van hierdie persoon nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


108 manskappe. Die getal perde was nog maar min in verhouding met die getal manskappe naamlik 66.(61)

Die algemene toestand was gladnie ongunstig nie. Alhoewel 'n hele aantal patrollies uitgestuur is kon daar geen kontak met die vyand gemaak word nie. Hulle het meesal teruggetrek en alle botsings vermy. 'n Groep van 85 Vrywilligers het na die plek waar Kaptein von Schlickmann gesneuwel het gegaan, maar selfs daar het die vyand verdwyn.(62)

Op 7 Desember 1876 is 'n ekspedisie teen Silla, 'n onderkaptein van Sekukuni, gestuur. Daar is 'n berig ontvang dat daar baie beeste was. Die kraal was in 'n kloof en Kaptein Aylward en die helfte van die aanvallers het na die boonste gedeelte van die kloof gegaan terwyl Kaptein Riedel en die ander helfte van die aanvallers, met 'n kanon, na die ander punt van die kloof gegaan het. Daar is egter geen spoor van die vyand of van enige beeste gevind nie.(63)

Nou word daar verneem dat Johannes se volgelinge hul sterk vesting ontruim het. Landdros Roth skryf nou aan Kaptein Aylward om die plek te gaan beset met 'n groep Vrywilligers, sodat die vyand nie weer kon terugkeer nie.(64) Kaptein Aylward, Kaptein Riedel en 'n groep Vrywilligers het dan ook dadelik daarheen vertrek. Hulle vind die verlate stat alreeds beset deur Veldkornet Schutte, 16 burgers en 30 naturelle. Veldkornet Schutte en sy manskappe word nou deur 30 Vrywilligers afgelos. Die Vrywilli-

... gers..

(61) Alfred Aylward, p. 81.
(62) R3520/76, Kaptein Aylward aan President Burgers, 30 November 1876.
(63) R3614/76, Kaptein Riedel aan President Burgers, 12 Desember 1876.
(64) L.L., Brieweboek, Deel 22, No. 95, Landdros Roth van Lydenburg aan Kaptein Aylward, 6 Desember 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gers het ook 'n kanon, te Lydenburg verkry, by hulle gehad.(65) Hierdie besetting vind op 11 Desember 1876 plaas.(66)

Dit blyk dus dat die vyand geen begeerte meer gehad het om in verdere botsings betrokke te raak nie. Daar was 'n groot droogte en hongersnood het onder die geledere van die vyand begin heers. Hongersnood was die rede vir die ontruiming van Johannes se stat.(67) Die algemene toestand was baie gunstig vir die Republiek en alles was rustig sover soos vyandelike bedrywighede aangegaan het.(68)

Alhoewel die toestand gunstig was en die vyandelike naturelle geen begeerte vir verdere botsings gehad het nie, het die Lydenburgse Vrywilligerkorps tog nie stilgesit nie. Op 19 Desember 1876 vind daar 'n ekspedisie teen Sepeka, 'n Amatongakaptein, plaas. Die doel was om alle strooise en kosvoorrade te vernietig. Daar word ook daarin geslaag om ongeveer 150 hutte en baie ander besittings te vernietig. Met hierdie ekspedisie is geen weerstand ondervind nie. Die vyand is wel gesien maar hulle het op 'n veilige afstand gebly.(69)

Gedurende Kersfees en die Nuwejaar het alles rustig verloop. Op 9 Januarie 1877 verskyn daar nou 23 burgers onder Veldkornet Schutte. Hulle was ook vergesel van 'n honderd gekommandeerde naturelle. Hierdie burgers trek nou op teen Masoet en sy onderdane. Kaptein Aylward was nie ten gunste van hierdie aanval nie, maar stuur tog 10

... Vrywilligers..

---

(65) R3614/76, Kaptein Riedel aan President Burgers, 12 Desember 1876.
(66) R73/77, Kaptein Aylward aan President Burgers, 22 Desember 1876.
(67) „De Volksstem", 16 Desember 1876, Berig van die koerant se spesiale korrespondent, 7 Desember 1876.
(68) R3717/76, Waarnemende Landdros Kruger aan President Burgers, 18 Desember 1876. Landdros Roth was in hierdie tyd weg op besigheid in die distrik.
(69) R73/77, Rapport van Luitenant White, 22 Desember 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vrywilligers onder Luitenant White saam. Hierdie ekspedisie vind plaas op 17 Januarie. Niks word egter gedoen nie. Die manskappe wou nie tot die aanval oorgaan nie en het Veldkornet Schutte se bevele eenvoudig verontagsaam. Op die 20ste trek hierdie burgers weer op teen Masoet. Veldkornet Erasmus van Krugerspost en sy manskappe, het ook nou opgedaag, en neem aan hierdie aanval deel. Alles word egter bederf deurdat Veldkornet Erasmus homself te gou vertoon en die vyand sodoende op hulle hoede plaas. Die aanval was dus baie halfhartig en niks word uitgerig nie. Die burgers keer hierna weer terug na hulle huise.(70)

Hierdie mislukte optrede teen Masoet lok nou 'n reaksie by die publiek uit. Op 5 Februarie word 'n memorie vanaf Krugerspost aan die President gestuur. Hulle wys daarop dat Masoet en ander naturelle groot tuine het en tog doen die Vrywilligers niks daaraan nie, hoewel dit net drie uur te perd vanaf Burgersfort is. Verder word daarop gewys dat die vyand alreeds honger ly en dat die vernietiging van hierdie tuine hulle tot oorgawe sou dwing.(71) Hoever hierdie klagte teen die Vrywilligers waar is, is moeilik om vas te stel. Aylward het verklaar dat daar al 'n menigte mielie- en koringlande vernietig is.(72)

Gedurende Januarie 1877 daag daar nou 'n nuwe groep Vrywilligers op. Hulle was 22 sterk en het onder 'n Kaptein Gunn gestaan. Die veronderstelling was dat hulle by die Korps sou gaan aansluit. Hierdie groepie Vrywilligers het 'n goeie indruk gemaak en het selfs spesiale

... uniforms..

---

(70) R358/77, Kaptein Aylward aan President Burgers, 21 Januarie 1877.
(71) R586/77, Memorie aan President Burgers vanaf Krugerspost, 5 Februarie 1877.
(72) L.L., Brieweboek, Deel 22, No. 22, Landdros Roth van Lydenburg aan President Burgers 17 Januarie 1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uniforms aangehad. Om een of ander onverklaarbare rede weier Kaptein Gunn nou om verder as Lydenburg te gaan. Niks kon hom van gedagte laat verander nie. Kaptein Aylward stuur nou vir Luitenant White om vir Kaptein Gunn te probeer oorreed om na Burgersfort te kom maar hy kon nie daarin slaag nie. Uiteindelik egter, is Gunn en sy manskappe tog beweeg om na die fort te gaan. Hulle gaan egter net tot by Krugerspost. Kaptein Aylward het nou met 'n aantal Vrywilligers na Krugerspost gegaan en amper het dit op 'n gewapende botsing uitgeloop. Uiteindelik is Gunn en sy manskappe tog na Burgersfort.(73) By die fort aangekom, het Aylward vir Gunn en sy manskappe ontwapen en vir Gunn onder arres geplaas. Meeste van Gunn se manskappe sluit nou by die Lydenburgse Vrywilligerkorps aan. Kaptein Gunn, nou onder arres, het ook nog ander aanklagte teen hom gehad. Hy sou 'n gevangene van die gereg bevry het en was ook beskuldig van perdediefstal.(74) Gunn is hierna na Middelburg gestuur om daar verhoor te word.(75)

Terwyl hierdie moeilikheid met Kaptein Gunn aan die gang was, het die vredesonderhandelinge al sover gevorder dat President Burgers die Korps in kennis gestel het dat hulle nou maar alle vyandelikhede moet staak. Hierdie kennisgewing geskied op 7 Februarie 1877.(76)

---

(73) L.L., Brieweboek, Deel 22, No. 98, Landdros Roth van Lydenburg aan President Burgers, 31 Januarie 1877.
(74) L.L., Brieweboek, Deel 22, No. 127, Landdros Roth van Lydenburg aan President Burgers, 7 Februarie 1877.
(75) L.L., Brieweboek, Deel 22, No. 114, Die publieke aanklaer, C. von Brandis, aan die Landdros van Middelburg, 6 Februarie 1877.
(76) B.B.446/77, President Burgers aan Kaptein Aylward, 7 Februarie 1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK IV.

## (a) Die Vredesluiting.

Die vredesonderhandelinge tussen Sekukuni en die Suid-Afrikaanse Republiek het reeds in Desember 1876 'n aanvang geneem. Dit het begin nadat Merensky, die sendeling van die Berlynse sendinggenootskap te Bothsabelo, sowat tien myl van Middelburg, C. Schultz, onderkommissaris vir naturelle te Bothsabelo en Kommandant Ferreira die saak onderling bespreek het. Hulle het te Weebersfort byeen gekom en besluit om vir Sekukuni aan te raai om vrede te vra.[1]

Om uitvoering aan hierdie besluit te gee het hulle nou twee naturelle na Sekukuni gestuur, wat hierdie boodskap aan hom oorgebring het. Sekukuni se reaksie hierop was dat hy vir Merensky laat weet het dat hy hom graag persoonlik sou wou spreek.[2] Hierdie uitnodiging het op 6 Desember 1876 gekom terwyl Merensky en Schultz nog in Weebersfort was. Op 8 Desember verlaat hulle twee die fort om na Sekukuni te gaan. Teen 11 Desember was hulle alweer terug by die Fort. Merensky kon nou berig dat Sekukuni vrede verlang omrede hongersnood gedreig het a.g.v. die droogte wat daar geheers het.[3]

Die gevolg van hierdie persoonlike onderhoud met Merensky en Schultz was dat Sekukuni boodskappers na Pretoria gestuur het om vrede te gaan vra. Hierdie boodskappers het eers na Weebersfort gegaan en daar op 12 Desember aangekom. Hierna is hulle na Bothsabelo en

... kom..

---

(1) „De Volkstem", 23 Desember 1876.
(2) R3690/76, C. Schultz aan Staatssekretaris Swart, 16 Desember 1876.
(3) „De Volkstem", 30 Desember 1876, Berig van die koerant se Spesiale Korrespondent, 16 Desember 1876.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


kom hier op die 16de aan. Hiervandaan het hulle na Pretoria vertrek.(4) Teen 30 Desember 1876 was hulle alreeds in Pretoria.(5)

Hierdie boodskappers het die volgende boodskap gebring: Sekukuni is moeg vir die oorlog en vra om vrede. Ook vra hy om vergifnis dat hy die oorlog gevoer het. Hy wil die antwoord van die President hierop weet.(6) Die antwoord hierop was dat die President nie onwillig is om aan Sekukuni se versoek te voldoen nie. Daar moet egter meer sekerheid van Sekukuni se goeie trou wees en daarom moet hy drie afgevaardigdes na Bothsabelo op 20 Januarie 1877 stuur, met 500 stuks vee of £1000. Daar sou hulle dan van die regering se verteenwoordigers ontmoet en die vredesvoorwaardes van hulle verneem.(7)

Om hierdie verteenwoordigers van Sekukuni te gaan ontmoet stel die regering nou drie lede aan naamlik O.C. Weeber, die landdros van Middelburg, M. Coetzee, ook van Middelburg en F.C. Holtzhausen, lid van die Uitvoerende Raad.(8) Oor wie op hierdie kommissie gedien het, is daar 'n mate van verwarring. Staatssekretaris Swart skryf op 12 Januarie 1877 dat M. de Vries, M. Coetzee en landdros Weeber op hierdie kommissie sou dien.(9) Dit blyk egter dat M. de Vries eers oorweeg is, maar toe om een of ander rede nie aangestel is nie, maar wel F.C. Holtzhausen.(10)

Hierdie drie lede het nou na Bothsabelo vertrek om Sekukuni se verteenwoordigers te gaan ontmoet. Op 20

... Januarie..

---

(4)R3690/76, C. Schultz aan Staatssekretaris Swart, 16 Desember 1876.
(5) „De Volkstem", 30 Desember 1876.
(6) U.R.B., 4 Januarie 1877, artikel 1.
(7) Ibid.
(8) U.R.B., 16 Januarie 1877, artikel 28a.
(9) L.M., Inkomende Stukke, Deel 3, Staatssekretaris Swart aan landdros Weeber van Middelburg, 12 Januarie 1877.
(10) „De Volkstem", 20 Januarie 1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Januarie 1877, die voorgestelde dag vir die ontmoeting, het Sekukuni se verteenwoordigers egter nog nie hulle verskyning gemaak nie. Dit was die mening van die Republiek se verteenwoordigers dat hulle egter nog sou kom, aangesien die bepaalde datum 'n bietjie gou was vir Sekukuni se verteenwoordigers om betyds te wees.(11)

Sekukuni se verteenwoordigers het wel later opgedaag en die onderhandelinge het op 5 Februarie 1877 plaasgevind.(12) Sekukuni se verteenwoordigers was Makoropetsi, Semape en Seabe.(13)

Die Uitvoernde Raad het volledige bevele gegee i.v.m. die voorwaardes waarop vrede gesluit kon word. Dit was naamlik: 1. Sekukuni moes 'n boete van 3000 beeste of £15000 betaal. 2. Hy moes al die gesteelde vee, of 'n gelyke getal, teruggee. 3. Hy moes hom skriftelik bind om, as onderdaan van die Staat, hom stil en rustig te gedra en om die wette van die land te gehoorsaam. 4. Hy moes sy onderdane hou binne die grense vasgelê naamlik die Luluberge in sy geheel en 'n stuk grond tien myl breed ten Ooste daarvan en wat strek tot aan die Olifantsrivier.(14)

'n Vredesooreenkoms is nou opgestel en deur al die partye goedgekeur. Dit verskil met die voorwaardes soos deur die Uitvoerende Raad bepaal in soverre dat bepaling 3 nou eerste geplaas is. Hierdie verandering is deur President Burgers self laat aanbring.(15) Die Uitvoerende Raad het hierdie Vredestraktaat goedgekeur, maar besluit dat die vrede eers geproklameer sou word nadat

... Sekukuni..

---

(11) R369/77, Holtzhausen, Weeber en Coetzee aan die President en die Uitvoerende Raad, 20 Januarie 1877.
(12) U.R.B., 8 Februarie 1877, artikel 58.
(13) „De Volkstem", 10 Februarie 1877.
(14) U.R.B., 17 Januarie 1877, artikel 30.
(15) T.S. van Rooyen, p.280.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sekukuni self die Voorwaardes goedgekeur het.(16)

President Burgers het die rangorde van die vredesbepalings met 'n doel verander. Die eerste bepaling was nou dat Sekukuni hom as onderdaan van die Staat sal onderwerp aan die wette van die land. Dit moes die indruk skep dat Sekukuni voor die oorlog 'n onderdaan van die Republiek was en dat die oorlog uitgebreek het omdat Sekukuni die landswette oortree het. Hy wou hie. die erkenning van Sekukuni kry omdat Engeland nie wou erken dat Sekukuni 'n onderdaan van die Suid-Afrikaanse Republiek was nie, en beweer het dat President Burgers die oorlog begin het omdat hy die Transvaalse grenslyne wou verander.(17) Deur hierdie bepaling nou eerste te plaas, wou die President natuurlik Sekukuni se onderdaanskap meer op die voorgrond bring.

Op 14 Februarie 1877 het die Volksraad hierdie vredestraktaat goedgekeur. Op 15 Februarie het Sekukuni ook sy goedkeuring daaraan geheg.(18)

Die saak het nou meer ingewikkeld geraak. Sekukuni het hierna die vredesverdrag ten dele ontken en Shepstone, wat alreeds in Transvaal was met die doel om te annekseer, het hierdie houding van Sekukuni gebruik om sy planne te bevorder. Heelwat onderhandelinge het nou plaasgevind en President Burgers het 'n kommissie benoem om Sekukuni te gaan spreek. Die lede was van Gorkom en Holtzhausen. President Burgers het Shepstone uitgenooi om ook lede te stuur om saam te gaan met die kommissie. Hy stuur dan ook vir Osborne en Kaptein Clarke, met Rider Haggard as sekretaris, saam.(19)

.. Dus..

---

(16) U.R.B., 8 Februarie 1877, artikel 58.
(17) T.S. van Rooyen, p. 280-281.
(18) S.P. Engelbrecht, p. 272.
(19) T.S. van Rooyen, p. 291.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dus alhoewel vrede gesluit is, het die vredesluiting tog heelwat moeilikhede opgelewer. Sover dit die twee Vrywilligerkorpse egter aangegaan het, was die oorlog verby. Soos reeds aangetoon, is albei Korpse reeds op 7 Februarie 1877 in kennis gestel om alle vyandelikhede te staak. Dit het dan ook gebeur en die Korpse het nou gewag op ontbinding en die uitvoering van die beloftes van die regering.

Die vraag kan nou wel ontstaan in hoeverre die Korpse bygedra het tot hierdie aansoek om vrede deur Sekukuni? Dit wil voorkom asof Sekukuni tot vrede gedwing is, hoofsaaklik a.g.v. die groot droogte wat geheers het en die gevolglike hongersnood. Sebase, Sekukuni se hoofindoena, het dit as die rede aangegee en nie omdat hulle enige swaar verliese deur die Korpse toegedien is nie.[20] „De Volkstem" wys ook daarop dat die droogte die hoofoorsaak was vir Sekukuni se aansoek om vrede.[21]

Die aandeel van die twee Korpse moet egter nie heeltemal onderskat word nie. Deur die vernietiging van tuine, ander kosvoorrade en die afneem van vee, moes hulle 'n aansienlike deel bygedra het om die hongersnood aan te help en te vererger. Slegs die teenwoordigheid van die Korpse moes al sy uitwerking op die vyand gehad het. Dit het minstens getoon dat die Republiek die stryd nog gladnie gewonne gegee het nie.

Die grootste bydrae van die Korpse was egter dat hulle teenwoordigheid meegebring het dat Lydenburg en die distrik nooit ontruim is nie. Sonder hulle sou dit heelwaarskynlik plaasgevind het.[22]

.. Sekukuni..

---

(20) R3690/76, C. Schultz aan Staatssekretaris Swart, 16 Desember 1876.
(21) „De Volkstem", 23 Desember 1876.
(22) „De Volkstem", 13 Januarie 1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sekukuni het dus om vrede gevra maar die leërmagte wat direk onder hom gestaan het, was nog nie verslaan nie. Na 'n goeie oes sou hy weer in staat wees om die oorlog te kan voortsit.

(b) Die Korpse na die Vredesluiting.

Soos reeds aangetoon, het die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek albei die Korpse in kennis gestel om alle vyandelikhede te staak. Hierdie kennisgewings is op 7 Februarie 1877 gedoen. Kort hierna het die regering verder gegaan en op 23 Februarie 1877 aan die Middelburgse Vrywilligerkorps(23) en aan die Lydenburgse Vrywilligerkorps(24) kennis gegee dat, aangesien Sekukuni die vredesverdrag goedgekeur het, alle salarisse aan die einde van Februarie gestaak sou word.

Hiermee het die regering te kenne gegee dat die dienste van die Vrywilligerkorpse nie verder nodig sou wees nie. Die Vrywilligers sou egter nog in die forte bly om te wag vir die beloofde plase.

Nou gebeur daar iets wat veroorsaak dat die dienste van die Lydenburgse Vrywilligerkorps tog verder nodig geword het. Phelan, die redakteur van die "Gold Fields Mercury", het in sy koerant sekere uitlatings oor Scoble, die Goudkommissaris, gemaak. Scoble het ook die bevoegdheid gehad om as landdros op te tree by geleenthede van hofsake. Hy daag nou vir Phelan voor die hof en beboet hom met £37-10. Ook veroordeel hy hom tot twee weke gevangenisstraf omdat hy die saak gepubliseer het voordat die hof sy uitspraak gegee het. Die delwers, wat vir Phelan as hulle leier beskou het,

.. het..

---

(23) B.B.647/77, Staatsekretaris Swart aan Kommandant Ferreira, 23 Februarie 1877.
(24) B.B.640/77, Staatssekretaris Swart aan Kaptein Aylward, 23 Februarie 1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het nou 'n vergadering gehou en na heelwat gepraat het hulle na die tronk gegaan om Phelan te bevry.(25) Die delwers het dan ook daarin geslaag om dit reg te kry. Hulle het ook vir Scoble en ander amptenare aangerand. Kaptein Aylward word nou gevra om met 'n sterk mag te gaan help om die oproer te onderdruk.(26) Gevolglik is Aylward, op 25 Februarie 1877, met 'n sterk mag perderuiters, voetsoldate en artillerie tot by Krugerspost. Aylward is toe alleen verder en het almal nou baie inskiklik gevind. Na samesprekings het Phelan vrywilliglik oorgegee en die saak was daarmee sonder veel moeite opgelos. Aylward en sy Vrywilligers het nou weer die goudvelde verlaat.(27)

Uit vrees vir verdere moeilikhede het die regering nou die dienstyd van die Lydenburgse Vrywilligerkorps met nog 'n maand verleng.(28) Die Middelburgse Vrywilligerkorps se dienstyd is nie verleng nie.

Laasgenoemde Korps se getalle is egter heelwat uitgedun na die sluiting van vrede. Kommandant Ferreira is aangestel as Kommissaris by Sekukuni en moes ook tien van sy Vrywilligers uitsoek om as sy lyfwag te dien. Hy het egter nog bevelvoerder van die Korps gebly.(29) Luitenant van Deventer en 25 Vrywilligers is na Pretoria om die kern te gaan vorm van 'n nuwe polisiemag naamlik die „Transvaalsche Jagers". Van Deventer sou die be-

.. velvoerder..

---

(25) R. Peacock, „Geskiedenis van die Lydenburgse Goudvelde tot 1881", p. 88-89.
(26) L.L., Brieweboek, Deel 22, No. 192, C. von Brandis aan Kaptein Aylward, 24 Februarie 1877. Landdros Roth was afwesig en C. von Brandis het in sy plek waargeneem.
(27) R875/77, Kaptein Aylward aan President Burgers, 27 Februarie 1877.
(28) B.B.726/77, Staatssekretaris Swart aan Kaptein Aylward, 5 Maart 1877.
(29) B.B.462/77, President Burgers aan Kommandant Ferreira, 7 Februarie 1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



velvoerder van hierdie mag wees.(30) Die ander Vrywilligers het maar in die fort gebly om te wag vir die toekenning van die beloofde plase.(31)

Wat die uitloof van plase betref, was die regering heeltemal bereid om hulle belofte in hierdie verband na te kom. Landdros Weeber, van Middelburg, is reeds op 7 Februarie 1877 aangesê om hom gereed te hou vir die inspeksie en uitmeet van plase vir die Vrywilligers.(32) Ook is C. von Brandis, Alfred Aylward en J.J. Burger aangestel op 'n kommissie vir die inspeksie en uitmeet van plase vir die Lydenburgse Vrywilligerkorps.(33)

Intussen het die regering ook begin planne beraam om die Korpse te ontbind. Daar was egter baie probleme hieraan verbonde. Die salarisse van die Vrywilligers is baie ongereeld betaal en die Vrywilligers sou nie ontbinding aanvaar sonder dat die verskuldigde bedrae aangevul is nie.

Nogtans het President Burgers op 24 Maart 1877 beveel dat die Lydenburgse Vrywilligerkorps ontbind moes word. Kaptein Aylward was egter van mening dat gelyktydige ontbinding nie moontlik sou wees nie.(34) Op 7 April 1877 het hy nou 45 Vrywilligers afgedank.(35) Daar was genoeg geld om die meeste van hierdie groep te

.. Lydenburg..

---

(30) B.B.766/77, Staatssekretaris Swart aan Kommandant Ferreira, 12 Maart 1877; R1314/77, Kommandant Ferreira aan President Burgers, 9 April 1877.
(31) R1314/77, Kommandant Ferreira aan President Burgers, 9 April 1877.
(32) B.B.469/77, Staatssekretaris Swart aan Landdros Weeber van Middelburg, 7 Februarie 1877.
(33) B.B.916/77, Staatssekretaris Swart aan C. von Brandis, 24 Maart 1877.
(34) R1170/77, Kaptein Aylward aan President Burgers, 29 Maart 1877.
(35) R1241/77, Kaptein Aylward aan President Burgers, 7 April 1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Lydenburg te betaal - salaris sowel as agterstallige gelde. Die paar wat nie betaal kon word nie, het toegestem om hulle geld in Pretoria te gaan haal. Daar was nie meer geld om die oorblywende lede, tussen sewentig en tagtig, af te betaal nie.(36)

Landdros Roth was bevrees dat verdere ontbinding van die Korps tot moeilikheid sou lei. Daar was geen geld om die ander Vrywilligers mee af te betaal nie en hy was seker dat die Vrywilligers nie daarmee genoeë sou neem nie.(37)

Planne om die Lydenburgse Vrywilligerkorps te ontbind het dus baie probleme opgelewer. Geen planne is tot op hierdie datum gemaak om die Middelburgse Vrywilligerkorps te ontbind nie. Dit moet onthou word dat die dreigende anneksasie baie probleme geskep het en die regering sou gevolglik nie al hul aandag aan hierdie saak kon wy nie. Selfs aan die uitreiking van die plase is daar niks verder gedoen nie.

Nou, op 12 April 1877, vind die anneksasie plaas. Die probleem, die ontbinding van die Korpse en die uitgee van die beloofde plase, is nou oorgedra aan 'n nuwe regering. Die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek was heeltemal bereid om reg te laat geskied, maar is nie die geleentheid daartoe gegun nie.

Die eerste stap i.v.m. die Korpse is reeds op die dag van anneksasie gedoen. Sir T. Shepstone het op 12 April 1877 aan Kaptein Clarke, sy Kommissaris vir Lydenburg, bevele gegee dat die forte voorlopig nog

.. beman..

(36) L.L., Brieweboek, Deel 22, No. 366, Landdros Roth van Lydenburg aan President Burgers, 14 April 1877.
(37) L.L., Brieweboek, Deel 22, No. 369, Landdros Roth aan President Burgers, 14 April 1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



beman moes bly.(38)

Hierna is 'n kommissie aangestel om die aangeleentheid van die Korpse te ondersoek en 'n rapport uit te bring. Luitenant-Kolonel Brooke sou die voorsitter hiervan wees.(39)

Die gevolg van hierdie ondersoek blyk duidelik uit 'n brief van Sir T. Shepstone se sekretaris, M. Osborne, aan Kaptein Clarke. Hy wys daarop dat die Vrywilligers in diens geneem is onder die vorige regering teen 'n salaris en die vooruitsig van 'n plaas elk. Dit is aangeneem dat hulle die plase kon kry aan die einde van die oorlog "... and that the power and rights to dispose of it would be acquired by means of the services of the Volunteers. This did not however happen, negociations were entered into with Sikukuni for the conclusion of peace, not only before the country in question had been acquired by the Government but without any reference to or provision for satisfying the claims of the Volunteers, the fact being that the Government and Volunteers together had failed in an enterprise upon the success of which alone could the one be justified in making the claim or the other be in a position to satisfy the claim made."(40) Die brief gaan verder deur daarop te wys dat Sir T. Shepstone aan elke Vrywilliger 'n bonus van £20 sou betaal. Ten laaste wys Osborne daarop dat daar met die ontbinding van die Korpse voortgegaan moes word.

Hierdie houding t.o.v. die uitgee van die plase

.. kom..

---

(38) General Letter Book of Sir Theos. Shepstone, 22/11/76-9/12/78, p.73-74, T. Shepstone aan Kaptein Clarke, 12 April 1877.
(39) B.B.35/77, Staatssekretaris SWart aan Luitenant-Kolonel Brooke, 19 April 1877.
(40) General Letter Book of Sir Theos. Shepstone, 22/11/76-9/12/78, p. 115-116, M. Osborne aan Kaptein Clarke, 12 Mei 1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kom ietwat vreemd voor. Die enigste voorwaarde vir die ontvangs van 'n plaas was dat die persoon as Vrywilliger diens gedoen het in die voortsetting van die oorlog teen Sekukuni. Die finale seggenskap het egter by die Engelse owerhede berus en die was nie geneë om enige plase aan die Vrywilligers te gee nie.


Dit spreek vanself dat die Vrywilligers nie hiermee genoeë geneem het nie. Die Middelburgse Vrywilligerkorps het selfs sover gegaan om 'n petisie op te stel om te protesteer teen die besluit dat hulle geen plase sou ontvang nie. Dit is onderteken deur 51 Vrywilligers.(41) Dit het egter nie gehelp nie. Elke Vrywilliger is £20 as bonus gegee en moes daarmee tevrede wees.(42)

Die ontbinding van die twee Korpse het hierna plaasgevind. Die Lydenburgse Vrywilligerkorps is op 2 Junie 1877 ontbind. Hulle is vanaf Burgersfort na Lydenburg en hier is die Korps toe ontbind.(43) Die Middelburgse Vrywilligerkorps het egter nog 'n tyd gesloer. Hulle het eers na Pretoria gegaan en ongeveer 25 Julie 1877 hier aangekom. Hier is ook hulle toe ontbind.(44)

---

(41) R3021/77, Petisie aan Sir Theophilus Shepstone, 24 Mei 1877.
(42) Alfred Aylward, p. 147-148.
(43) „De Volkstem", 13 Junie 1877, Berig van die Koerant se Spesiale Korrespondent, 2 Junie 1877.
(44) „De Volkstem", 25 Julie 1877.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## BIBLIOGRAFIE.

A. Argiefstukke. (Transvaalse Argief)

1. Argief-afdeling Staatsekretaris, 1876-1877.

   a. Inkomende Stukke (aangedui R).
   b. Uitgaande Stukke (aangedui B.B.).

2. Argiefstukke van die Landdros van Lydenburg, (aangedui L.L.), 1876-1877.

3. Argiefstukke van die Landdros van Middelburg, (aangedui L.M.), 1876-1877.

4. Argief-afdeling Uitvoerende Raad. (aangedui U.R.B.), 1876-1877.

5. Notule van die Volksraad (1876).

6. General Letter Book of Sir Theos. Shepstone, H.M. Special Commissioner to the Transvaal Government, 22/11/1876-9/12/1878.

7. De Locale Wette der Z.A. Republiek, 1849-1885.

B. Gedrukte Britse Blouboeke (aangedui C).

C1342: Correspondence relating to the Colonies and States of South Africa.

C1748: Correspondence respecting the war between the Transvaal Republic and neighbouring native tribes.

C. Tydskrifte

1. De Volkstem, 1876-1877 en 16 Mei 1921.

2. Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1876.

3. The Rand Daily Mail, 11 Februarie 1933.

D. Sekondêre Bronne.

1. T.S. van Rooyen: Die Verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die Geskiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882. (Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Veertiende Jaargang, Deel I, 1951).

2. Alfred Aylward: The Transvaal of Today. (Blackwood and Sons, Londen, 1878).

3. S.P. Engelbrecht: Thomas Francois Burgers. (De Bussy, Pretoria, 1933)

4. J. Martineau: Life and Correspondence of Sir Bartle Frere, Deel II. (Londen, 1895)

5. C.J. Uys: In the Era of Shepstone. (Lovedale, 1933)

6. A. Hardinge: The Fourth Earl of Carnarvon. (Londen, 1925)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



7. W. Mc Donald: The Romance of the Rand.(Cassel and Company, Londen, 1933)

8. R. Peacock: Geskiedenis van die Lydenburgse Goudvelde tot 1881. (M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1950)

9. T. Baines: The Gold Regions of South Africa. (Londen, 1877)

10. D.R. Hunt: An Account of the Bapedi. (Johannesburg, 1931)

11. A. Merensky: Erinnerungen aus dem Missionsleben in Transvaal, 1859-1882. (Berlyn)

12. J. Nixon: The Complete Story of the Transvaal. (Londen, 1885)

13. R. Haggard: Cetywayo and his White Neighbours. (Londen, 1882)

14. J. Roorda Smit: Het Goed Recht der Transvaalsche Boeren. (Utrecht, 1881)

15. G. Mc Call Theal: History of South Africa since 1795. (Londen)

-----------